

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 6, No. 4

Vertalings saamgestel uit vroeër gepubliseerde *Tomorrow's World*-tydskrifte



## *Persoonlik*

*Deur Roderick C. Meredith, Hoofredakteur*

# Geweld teen vroue

Daar bestaan *duisende* redes waarom ons letterlik tot God moet uitroep, “*Laat u Koninkryk kom!*”

Een rede, wat dikwels oor die hoof gesien word, is *geweld teen vroue*. Hierdie walglike probleem is besig om regoor die wêreld te vererger. Soos rubriekskrywer Bob Herbert onlangs berig het: “In die V.S.A word 'n meisie of vrou bykans elke paar minute seksueel aangerand. Geen agentskap kan bepaal hoeveel eggenotes en meisies ernstig mishandel word nie. Ons is almal aandadig aan hierdie slagting, omdat die onversetlike geweld teen vroue en meisies in wese gekoppel kan word aan die breër gemeenskap se onverskillige gewilligheid om vrouens en meisies te ontmens, om hulle bowenal te sien as seksuele voorwerpe, en nooit ooit as die man se gelyke nie” (*Charlotte Observer*, 19Oktober 2006).

Deel van die probleem lê in ons gewilligheid om as samelewing toe te laat dat die walglikste, vernederendste en brutaalste beelde in videospelletjies en op die Internet vertoon word, wat meebring dat ontvanklike jong mans **honderde ure** op hierdie smerigheid vermors en glo dat die dierlike brutaliteit wat hulle sien, ten minste ietwat “normaal” is.

**Ons moet wakker word!** Waarom het ons

leiers nie die durf om eenvoudig sulke dierlike vertonings te **verban** wat beslis toenemende geweld teen vroue tot gevolg het nie?

My moeder en haar vriendinne, soos ongetwyfeld miljoene moeders regoor die V.S.A., het my en talle van my klasmaats selfs in die 1940s gedruk om “danslesse” te neem, waar ons geleer is om van aangesig-tot-aangesig en bors-teen-bors te dans met jong meisies wat skaars puberteit bereik het. Ons was maar net jong kinders wat bofbal en kennetjie wou speel. God verbied natuurlik nie dans nie, maar Hy beveel ons wel om te vlug voor “seksuele losbandigheid” (1 Korinthiërs 6:18). **Waarom** het ons moeders ons in daardie soort half-romantiese, half-seksuele gedrag ingedwing toe ons slegs twaalf jaar oud was?

Ek onthou nog hoe ek en my vriend Bob Speck tydens die eerste private dans wat ek bygewoon het nadat ons hierdie lesse geneem het, kort-kort uitgegaan en om die blok gehardloop het. Ons het elke paar minute teruggekom en gesê dat ons tien keer om die blok gehardloop het. Die jong meisies het uitgeroep: “O maar dis wonderlik!” Ons was so verleë om hierdie meisies in ons arms te hou dat ons letterlik skoon op hol gegaan het – ons het nie geweet wat anders om met onself aan te vang nie. Selfs op 'n onskuldige

manier sou dit nog 'n paar jaar neem voor ons werklik gereed was vir sulke “romantiese” betrokkenheid. **Waarom** het ons moeders ons aan sulke vroegryp gedrag blootgestel? Deesdae is dit selfs erger vir jong mans wat deur die samelewing in seksuele gedagtes en aktiwiteite ingedruk word, lank voordat hulle enigsins gereed is om dit te hanteer.

*Waarom* moedig so baie hedendaagse moeders hul jong dogters aan – selfs vanaf laerskooldae – om te begin grimeer en om wulps te lyk? Rubriekskrywer Herbert merk voorts op: “Ons het vir tien jaar lank na die verleidelike beeld van die vermoorde sesjarige JonBenet Ramsey gekyk. JonBenet is dood, haar ma is dood, en ons kyk steeds na die video van hierdie arme kind se gepronk met lipstiffie en hoëhakskoene. In 'n vrouehatende kultuur is dit nooit te vroeg om dit in die gemoed van meisies in te drill dat al wat werklik saak maak hul voorkoms is asook die vermoë om mans seksueel te behaag”.

Die V.S.A. is nie alleen in sy minagting vir vroue nie. In Sjina het 'n amptelike “een kind per gesin-beleid” tot gevolg gehad dat *miljoene* klein babadogtertjies voor geboorte geaborteer of kort na geboorte vermoor is. 'n Soortgelyke patroon word in Indië aangetref, waar die kultuur sterk voorkeur gee aan seuns, en arm families selfs mag vrees om 'n bruidskat

**Vervolg op bladsy 28**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik–Geweld teen vroue

Dr. Roderick C. Meredith se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Wat is ware Christene se DOELWIT?

**3**

Is u mislei? Aan bykans all belydende Christene is die idee opgedis dat hulle met hul afsterwe hemel toe gaan met absoluut niks om te doen nie – hulle hoef net vir alle ewigheid “in die hemel rond te sweef”.

#### Lesse uit die geskiedenis

**8**

Stuur ons op rampspoed af of sal ons leer om ons volke 'n ander koers te laat inslaan? U bybel bied die antwoord – vir u, en vir u nasie!

#### Werk: 'n Seëning of 'n Vloek?

**13**

Miljoene mense ervaar hul werk as onvervullend en doelloos. Wil God hê dat ons ons werk geniet, of dat ons dit slegs verduur?

#### Van swaarde ploegskare smee

**18**

Is daar 'n verlore dimensie in die soeke na wêreldvrede. Die Bybel onthul belangrike sleutels!

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde

**23**

#### Profesie neem gestalte aan

**24**

Besoek ons webwerf by:  
[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
 of vir Engelse literatuur:  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Mōre

### Hoofredakteur

Roderick C. Meredith

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Uitvoerende Redakteur

William Bowmer

### Besturende Redakteur

Gary F. Ehman

### Streksredakteurs

Rod McNair (Filippyne)  
 Bruce Tyler (Australië)  
 Gerald Weston (Kanada)  
 Douglas S. Winnail (Europa)

### Nuusbuuro

June Olsen

### Strekskantore

#### VSA:

P.O. Box 3810  
 Charlotte, NC 28227-8010  
 Tel: (704) 844-1970  
 Faks: (704) 841-2244  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALIË:

GPO Box 772  
 Canberra, ACT 2601  
 Tel: (07) 5546 0472  
 Faks: (07) 5546 0768

#### KANADA:

P.O. Box 27202  
 Toronto, Ontario, M9W 6L0  
 Tel: (905) 671-3730  
 Faks: (905) 671-9599

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767  
 Auckland, New Zealand  
 Tel/Faks: (09) 435 3592

#### FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774  
 Makati City 1257, Philippines  
 Tel: 63-2-813-6538  
 Faks: 63-2-867-1569

#### BRITTANJE:

P.O. Box 9092  
 Motherwell, ML1 2YD Scotland  
 Tel/Faks: 44-1698-263-977

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS 9880  
 Tel: 058 622 1424  
 Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Mōre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God  
 Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wat is ware Christene se DOELWIT?

Deur Roderick C. Meredith

Is *u* mislei?

Aan bykans alle belydende Christene is die idee opgedis dat hulle met hul afsterwe reguit hemel toe gaan met absoluut **niks** om te doen nie – hulle hoef net vir alle ewigheid “in die hemel rond te sweef”.

Hierdie “newelagtige” begrippe laat Christenskap vir baie denkende mense dikwels kinderagtig, onprakties en onwerklik voorkom en die vae idees oor wat in die toekoms met Christene gaan gebeur, inspireer beslis *nie* eens die meeste kerkgangers om waarlik geesdriftig oor God te wees nie.

Hierdie idees is egter **totaal verkeerd!**

Onthou asseblief dat die *enigste* betroubare bron met inligting oor Christene se toekoms, die Heilige Bybel is. God het die Bybel geïnspireer en die profesieë in die Bybel *werk beslis uit, selfs vandag!* Idees oor “hemel toe sweef” word glad **nie** in u Bybel onderrig nie! Daardie idees gee 'n **vals** prentjie van wat Jesus Christus gepreek het en 'n vals prentjie van die ware Christen se “roeping” – en van die ganse **doel** van Christenskap! Jesus het gekom en die “Evangelie van die **Koninkryk** van God” verkondig (Markus 1:14). Die evangelie volgens Mattheus noem dit die “Koninkryk **van** die hemel” – nie die Koninkryk “in” die hemel nie. Die woordjie “van” dui op wie dit besit

of beheer. Die hemel is die plek van *God se troon*, waarvandaan Hy Sy Koninkryk regeer!

**Al** die vroeëre Christene het dit baie duidelik verstaan – soos ons aflei uit *talle* stellings in die evangelies wat handel oor voorbereiding vir die toekomstige Koninkryk van God. Ons sien dit ook in die boek Handeling en die geskrifte van die apostel Paulus. Hoewel, soos baie geleerdes erken, baie van die eerste Christene verwag het dat Jesus die Romeinse besetters sou uitskop en Sy “Koninkryk,” of **regering**, daar en dan sou instel, het Jesus getoon dat dit nie *op daardie tydstip* gedoen sou word nie. Tog het Hy **nooit** gesê dat Sy Koninkryk nie 'n letterlike Koninkryk, of **regering**, hier *op hierdie aarde* sou wees nie.

Let op wat Christus aan Sy dissipels sê net nadat Hy uit die dode opgewek is. Die dissipels vra Hom: “Here, gaan U in hierdie tyd die **koninkryk** vir Israel weer oprig?” (Handeling 1:6). Dit sou die *volmaakte* geleentheid vir Jesus gewees het om enige idee dat Sy Koninkryk 'n **werklike** regering is wat hier op aarde ingestel sou word, die nek in te slaan.

*Het Hy dit gedoen?*

*Nee!* Jesus sê eerder: “Dit kom julle nie toe om die **tye** of **geleenthede** te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie” (Handeling 1:7). Dit *bevestig* beslis die korrekte

begrip dat Jesus *weer sal kom* om 'n wêreldwye regering *hier op aarde* te kom vestig. Dan, terwyl Jesus na die hemel opvaar, praat 'n engel met die dissipels en sê: “Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal **net so** kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het” (vers 11).

In die Evangelie volgens Lukas beskryf Jesus baie van die laaste tekens wat aan die **einde** van hierdie tyd sal plaasvind, net voor Sy Wederkoms. Nadat Hy 'n aantal verskriklike gebeure beskryf het, sê Jesus: “So moet julle ook weet dat die *koninkryk van God naby* is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur” (Lukas 21:31). Jesus het nie gesê dat die Koninkryk “reeds” gekom het nie, of dat dit in hul “harte” gevestig was nie – maar eerder dat dit 'n Koninkryk was wat na hierdie aarde sôu “kom”.

*Tallose eerlike* Bybelgeleerdes weet dit, maar dit word *baie selde* verkondig! In plaas daarvan word daar gewoonlik oor sentimentele idees oor “hemel toe sweef” by die dood van 'n kerklidmaat gepreek, terwyl geen melding gemaak word daarvan dat Christus 'n **letterlike** regering op hierdie aarde gaan vestig nie!

*Edward Gibbon*, hoogaangeskrewe sekulêre historikus, beskryf die oortuigings van die vroeëre Christene: “Die antieke en

gewilde leerstelling van die Millennium was nou verbind met die Wederkoms van Christus. Soos die werke van die skepping in ses dae voltooi is, sou hul duur in hul huidige staat, volgens 'n tradisie wat aan die profeet Elia toegeskryf is, op ses duisend jaar vasgestel wees. Met dieselfde vergelyking is dan afgelei dat hierdie lang tydperk van arbeid en twis, wat nou bykans verstreke is, gevolg sou word deur 'n vreugdevolle Sabbat van eenduisend jaar; en dat Christus, met die triomfantlike groep heiliges en uitverkorenes wat die dood vrygespring het, of wonderbaarlik opgewek is, op die aarde sou regeer tot die tyd wat vasgestel is vir die laaste en algemene opstanding" (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, Vol. 1, bl. 403).

### Hoe sal Christus se Koninkryk daar uitsien?

Wanneer die toekomstige Koninkryk van God gevestig is – *direk* onder Jesus Christus, die Seun van God, se beheer – hoe sal werksaamhede in daardie Koninkryk daar uitsien? Wat sal getroue Christene doen nadat hulle *uit die dood opgewek* is? (1 Korintiërs 15:51-52)? *Hoe* sal die Koninkryk georganiseer word? Hoe sal die opgewekte heiliges met die onbekeerde mense wat nog hier op aarde oor is, skakel?

Regdeur die Bybel vind ons talle beskrywings van Christus se toekomstige regering. Dit sal in hiërargiese vorm gerangskik word, regering van *bo na onder* met Jesus Christus as Koning van konings (Openbaring 19:16).

Ons lees: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van **die wêreld** het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Openbaring 11:15).

Die heiliges sal op daardie tyd 'n geïnspireerde "nuwe lied" sing, wanneer hulle aan Christus vertel: "U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons **konings** en **priesters** vir onse God gemaak, en ons sal as konings **op die aarde heers**" (Openbaring 5:9-10). Dus, Christus se koninkryk sal beslis **nie** in die hemel gevestig word nie, maar *op hierdie aarde*. Soos Gibbon verduidelik, was dit ook wat die vroeë Christelike kerk – gelei deur God se Gees – geglo en onderrig het. Dit is *nie* die een of ander nuwe idee nie. Hierdie waarheid is eerder stadigaan "uitgewerk" namate die vroeë Rooms-Katolieke Kerk geleidelik verskeie nie-Christelike begrippe oor hemel, hel en die aard van die siel, aangeneem het. Soos Gibbon verduidelik: "Maar toe die opbouing van die kerk bykans voltooi was, is die tydelike ondersteuning ter syde gestel. Die leerstelling van Christus se regering op aarde is eers as diepliggende versinnebeelding beskou, dit is later geleidelik as twyfelagtige en nuttelose sienings afgemaak en uiteindelik verwerp as die absurde versinsels van kettery en fanatisme" (Vol. 1, bl. 404).

Toe die apostel Paulus aan die Christene in Korinthe geskryf het, beskryf hy duidelik die beloning van die ware heiliges: "Weet julle nie dat die heiliges die **wêreld** sal **oordeel** nie? En as die wêreld deur julle geoordeel word, is julle dan onbevoeg vir die geringste regsake? Weet julle nie dat ons engele sal oordeel nie, hoeveel te meer die alledaagse dinge?" (1 Korintiërs 6:2-3). So sien ons dus dat die heiliges "die **wêreld**" sal oordeel – nie in die hemel sal rondsit met niks om te doen nie!

Jesus se dissipels het "gedink ... dat die koninkryk van God **onmiddellik** sou verskyn" (Lukas 19:11). Om hulle wanbegrip reg te stel, het Hy die gelykenis van die edelman wat na 'n verland moes reis, gegee. Jesus beskryf in hierdie gelykenis hoe sommige van Sy dissipels belonings sal ontvang indien hulle hul vermoëns of hul geld wys aangewend het. Toe een kom en sê: "Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak," sê Jesus vir hom: 'Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy **gesag hê** oor *tien stede*.' En die tweede kom en sê: 'Meneer, u pond het vyf ponde verdien.' En hy sê ook vir hierdie een: 'En jy moet wees oor **vyf stede**'" (vers 16-19). Party hedendaagse teoloë probeer natuurlik om hierdie voorbeelde weg te "vergeestelik", maar keer op keer – van Genesis tot Openbaring – maak die Skrif dit duidelik dat God 'n **letterlike** koninkryk *hier op hierdie aarde* sal vestig onder Jesus Christus, die Koning van konings!

*Direk onder* Jesus Christus, sal koning Dawid – wat saam met al die ander heiliges van God uit die dood *opgewek* sal word – oor al twaalf nasies van die afstammeling van Israel regeer! Ter beskrywing van hoe Israel uit sy finale ballingskap sal terugkeer na Jesus se Wederkoms, skryf Jeremia: “En op dié dag, spreek die Here van die leërskaar, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die Here hulle God dien en hulle koning **Dawid** wat Ek vir hulle sal **verwek**” (Jeremia 30:8-9).

Let ook daarop dat ons Skepper Hosea geïnspireer het om hierdie selfde basiese waarheid oor die organisasie van Christus se toekomstige regering te beskryf: “Daarna sal die kinders van Israel hulle bekeer en *die Here hulle God soek en Dawid hulle koning*, en met siddering aankom na die Here en na sy goedheid in die laaste van die dae” (Hosea 3:5).

### 'n Georganiseerde regering

God het Esegïël ook geïnspireer om dieselfde punt te benadruk toe hy die “laaste dae” beskryf het, wanneer al die stamme van Israel weer in *een nasie* verenig sal wees: “En my kneg **Dawid** sal **koning** oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel” (Esegïël 37:24).

Sal Dawid al twaalf die stamme – of **nasies** – wat van

Jakob afstam, *regstreeks* regeer? Nee. Daar sal 'n *hele struktuur* op ordelike wyse in plek geplaas wees, wat beheer sal word deur leiers wat gekies sal word *deur aanstelling*, eerder as deur stemmery of politiekery. Soos Jesus ná aan die einde van Sy menslike lewe aan Sy getroue Apostels gesê het: “En Ek beskik vir julle 'n **koninkryk** soos my Vader dit vir My beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op **trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel**” (Lukas 22:29-30).

Dus sal die regering in die Wêreld van Môre gelei word deur Christus as Koning **van** konings. Onder hom sal koning Dawid oor die hele Israel regeer. Onder Dawid sal die herrese twaalf apostels elk oor een van die stamme, of nasies, van Israel regeer.

Die ware “heiliges” van God – ware Christene wat **geglo** het wat die Bybel werklik sê en daaraan **gehoorsaam** was – sal die geleentheid gegun word om oor die individuele stede *van hierdie wêreld* binne hierdie raamwerk te regeer. En, aangesien die Bybelse patroon is; *eerste aan die Jood, dan aan die nie-Jood*, kan ons verseker wees dat *dieselfde soort* struktuur oor die Heidense nasies van die wêreld ingestel sal word – 'n **letterlike regering** gelei deur Jesus Christus, die “Vredevoers”, wat uiteindelik ware **vrede** en **vreugde** na die ganse wêreld sal bring. Elkeen van ons, indien ons getroue Christene is, sal deel mag hê om daardie *vrede en vreugde na al die lydende nasies van hierdie*

*wêreld* in die Wêreld van Môre, te bring!

*Dit* is die ontsaglike **Goeie Nuus!** Dit is die *ware* Evangelie wat in u Bybel beskryf word. Dit is die rede vir Jesus se gestorte bloed, wat vir *ons sondes* geoffer is om vir ons versoening met God te bring. Ware Christene wat met God versoen is en die kosbare geskenk van die Heilige Gees ontvang het, berei hul nou voor om hul Verlosser by te staan om die *hele wêreld* te regeer. Tydens Christus se duisendjarige heerskappy, sal die aarde uit Satan se heerskappy gered word en sal daar 'n luisterryke tyd van *vrede, voorspoed en vreugde* wees. God se ware Weg van lewe, sal op die aarde herstel word. Die Skrif verduidelik dat God weer “Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete” (Handelinge 3:20-21).

Ons kan dus nou verstaan dat al Sy heilige profete hierdie Goeie Nuus van die “tye van die wederoprigting van alle dinge” – Christus se toekomstige Koninkryk – verkondig het. Die Ou Testament is inderdaad **gevol** met beskrywings van die Messias se toekomstige regering *oor die ganse wêreld!*

### Wat sal die heiliges in die opstanding doen?

Ons het reeds gesien dat die herrese heiliges in die toekomstige Koninkryk van God *op hierdie aarde* die “konings en

**priesters**” sal wees (Openbaring 5:10). Ons lees ook dat Satan aan die begin van die Millennium, “gebind” moet word, vir 'n “duisend jaar lank,” “sodat hy die nasies *nie meer* sou **verlei** totdat die duisend jaar voleindig is nie” (Openbaring 20:2-3). Dan word ons daaraan herinner dat diegene in die eerste opstanding “**priesters** van God en van Christus [sal] wees en ... saam met Hom as konings [sal] **regeer duisend jaar lank**” (vers 6).

Die een skrifdeel na die ander in die Bybel, herinner ons daaraan dat die priesters in antieke Israel die **leermeesters** was. Hulle was diegene wat die mense van God se **Wet** en Sy **weë** geleer het. Die Christene wat “priesters” van God sal wees in die Wêreld van Môre, sal dan vanselfsprekend aan die mense van die ganse aarde die regte **lewenswyse leer**. Sodra Satan “gebind” is, sal die **blindheid** wat oor hierdie hele aarde gekom het, weggeneem word. Mense sal dan die Waarheid verstaan en baie meer leergierig word. Gevolglik sal ons taak *oneindig* makliker wees as wat dit tans is, terwyl Satan nog die “god van hierdie wêreld” is (2 Korintiërs 4:4).

In *baie* skrifgedeeltes in die Bybel, sê God aan ons dat in die “laaste dae” – in die Wêreld van Môre – Christus en Sy heiliges aan die hele wêreld die **Wet** van die Almagtige God sal leer: “... dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die Here uit

Jerusalem” (Miga 4:2). Ook: “... *nie meer* sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal *nie meer leer om oorlog te voer nie*” (vers 3). Ja, jong manne en vroue sal nie meer “geleer” word om in oorloë te veg nie.

Hierdie wêreld bestee reuse bedrae van sy fondse om te veg en dood te maak, *onder Satan*. Dit is nie moeilik om mens in te dink hoe asemrowende stede, nasionale parke en pragtige omgewings regoor die wêreld sal floreer wanneer die ganse rykdom van die nasies eers aangewend sal word vir *vreedsame doeleindes* nie! Ook, in sterk teenstelling met die wêreld van vandag – waar soveel mense absoluut geen persoonlike eiendom of rykdom het nie – toon die Skrif aan ons dat mense in die Wêreld van Môre hul eie eiendom sal besit: “Hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik” (vers 4).

Die profeet Jesaja vertel ons van die “berg” (of Koninkryk) van God wat “aan die einde van die dae” vas sal staan sodat God “ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die **wet** uitgaan en die woord van die Here uit Jerusalem” (Jesaja 2:1-3). Wat is hierdie “Wet”? Is dit net die “verkeerswet” en administratiewe sake? *Natuurlik nie!* **Almal** wat hierdie verse oorspronklik gelees het, het *duidelik verstaan* dat dit verwys het na **God se geestelike Wet** – die Tien Gebooie! Ja, 'n ganse **lewenswyse** gegrond op die

Tien Gebooie sal die “weg” wees wat almal sal leer leef gedurende Christus se toekomstige regering oor hierdie aarde!

Hoewel baie hedendaagse teoloë slim argumente bied in hul pogings om te probeer bewys dat daar met God se Wet “weggedoen” is, sal daardie groot **geestelike Wet** in werklikheid oor net 'n paar jaar die einste **grondslag** wees van die hele wêreld se samelewing! Terloops, indien u meer te wete wil kom oor *hoe* om daardie wonderlike Wet te verstaan en toe te pas, kontak asseblief die streekkantoor naaste aan u (gelys op bladsy twee van hierdie tydskrif) en skryf of skakel vir u **gratis** eksemplaar van ons insiggewende boekie, *Die Tien Gebooie*.

Hoe sal die lewe wees in 'n wêreld waar almal God se Wet ken en dit uitleef? Christus se toekomstige heerskappy sal 'n tyd van soveel *vrede* wees dat selfs die wilde natuur van diere verander sal word (Jesaja 11:6-8). Dan sal hulle “geen kwaad doen of verderf aanrig op my **hele** heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die **kennis** van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (vers 9).

Die Bybel verduidelik meer van die leiding wat 'n gebroke mensdom sal ontvang nadat die volke uit die verskriklike ballingskap en die folterende lyding van die Groot Verdrukking en die Dag van die HERE weer byeen gebring is: “Jou leraars sal hulle nie langer verberg nie –

maar jou oë sal jou leraars **sien**; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: *Dit is die **weg***, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (Jesaja 30:20-21). Gelei deur God se Wet, sal hierdie 'n tyd van vrede en vreugde wees: “Dáár sal geen leeu wees nie, en geen verskeurende dier sal daarop kom of daar aangetref word nie; maar die verlostes sal daarop wandel; en die losgekooptes van die HERE sal teruggaan en na Sion kom met **gejubel**, en **ewige vreugde** sal op hulle hoof wees; vreugde en blydschap sal hulle verkry, maar kommer en gesug vlug weg” (Jesaja 35:9-10).

### Die heiliges sal leermeesters word

Tydens daardie tyd sal die herrese “heiliges” die mense van hierdie aarde in God se hele **lewenswyse**, gegrond op die Tien Gebooie, **onderrig**. Dit sal 'n wêreld van *vrede* en **ewig durende vreugde** meebring. Omdat Christus die “eerste van die eersteling” is, behoort ons na Sy voorbeeld te kyk om te sien *hoe* herrese Christene sal lyk en met die mense van die Millennium sal omgaan. Jesus Christus bestaan nou in onuitspreeklike **glorie**. Johannes het Hom in 'n visioen in daardie glorie gesien: “Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam, en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters” (Openbaring

1:14-15).

Die apostel Johannes skryf ook: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is” (1 Johannes 3:2). Ja, ons sal letterlik “soos” Jesus Christus “lyk”! Ons sal in die toekomstige opstanding as *volwaardige* kinders van God “verheerlik” word – *volwaardige* broers en susters van Jesus Christus! Want die Bybel verduidelik heel duidelik dat Christus die “eersgeborene ... [sal] wees onder **baie** broeders” (Romeine 8:29).

Presies hoe het *Christus Self* die mense onderrig nadat Hy verheerlik was? Na Sy opstanding, het Jesus verskeie kere aan die Apostels en andere verskyn. Tog het hulle Hom nie altyd dadelik herken nie – Hy het effens anders gelyk as wat Hy gedurende Sy menslike leeftyd gelyk het. Nogtans het die herrese Christus amper altyd aan andere verskyn as 'n *mense* en met die mense op so 'n wyse omgegaan dat hulle kon verstaan wat Hy sê en nie bevrees sou wees nie. Dink aan die vertelling van Maria Magdalena, wat eers nie geweet het dit is die herrese Christus wat sy gesien het nie. 'n Paar minute later, toe Hy in 'n normale stem gepraat en geopenbaar het wie Hy was, het sy dadelik probeer om Hom te omhels, maar Jesus waarsku haar: “Raak My nie aan nie”

(Johannes 20:14-17).

Later verskyn Jesus aan Sy dissipels in die gebou waar hulle vergader het en sê: “Vrede vir julle!” Toe beveel Hy vir Thomas: “Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig” (vers 26-27).

Dit is dus duidelik dat almal wat waarlik “oorwin” en in die opstanding heiliges van God sal word, in staat sal wees om die mense op die aarde te *onderrig* op 'n persoonlike wyse, net soos Jesus Sy dissipels onderrig het. Herrese Christene, wat Jesus in die Millennium dien, sal beslis soms met **groot mag** kan verskyn en soms, hoewel onsigbaar, met mense kan praat soos genoem in Jesaja 30. Tog sal hulle ook dikwels in menslike vorm verskyn, net soos Jesus toe Hy die Apostels by die see van Galilea gaan sien en later selfs *saam met hulle ontbyt genuttig het* (Johannes 21:12-15).

Dit ly geen twyfel dat daar geleenthede sal wees waar sterflike mense verootmoedig of verskrik sal wees deur ontmoetings met die herrese heiliges en vir hul vriende sal sê: “Dit was *een van hulle!*”

Sal u “een van **hulle**” wees? Namate elkeen van ons God se ware plan begin verstaan, moet ons daardie besluit vir onself neem. Indien God u roep om onder Sy eersteling te tel, word u 'n wonderlike geleentheid gegun. Soos Jesus sê: “En aan hom wat **oorwin** en my werke tot

**Vervolg op bladsy 27**

# Lesse uit die geskiedenis

Deur Richard F. Ames

## Stuur ons op ramspoed af of sal ons leer hoe om ons volke 'n ander koers te laat inslaan? U Bybel bied die antwoord – vir u, en vir u nasie!

Kan enige nasie of ryk lank voortbestaan? Vir langer as 200 jaar was die Verenigde State 'n groot mag op die wêreldtoneel, maar in die eerste jare van die 21ste eeu sien ons dat die VSA se mag afneem en ander magtige nasies of bondgenootskappe – soos China en die Europese Unie – al hoe meer politieke, ekonomiese en militêre mag uitoefen. Kan die VSA nog veel langer standhou?

Die wêreldregerende ryke van die verlede bestaan nie meer nie. Die groot Babiloniese Ryk het byvoorbeeld baie nasies verower, insluitend die koninkryk van Juda in die Midde-Ooste. Die geskiedskrywer, Herodotus, skryf: “Benewens sy enorme grootte, het Babilon enige stad in die bekende wêreld in luisterrykheid oortref” (*The Histories*, Boek Een, afdeling 178).

Wat het met daardie magtige ryk gebeur? Babilon se verdorwenheid het gelei tot God se oordeel.

Die profeet Daniël het in die bladsye van u Bybel die opkoms en val van ander groot ryke voorspel. Hy het die opkoms en val van die Romeinse Ryk voorspel. Wat het van die antieke Romeinse Ryk geword? Daardie magtige ryk het vir

langer as 500 jaar geduur, maar het uiteindelik in 476 n.C. tot 'n einde gekom. Geskiedkundige Edward Gibbon het die oorsake van die ryk se val opgesom: “Na 'n noukeurige ondersoek, kan ek vier hoofoorsake onderskei vir die ondergang van Rome, wat vir 'n tydperk van meer as een duisend jaar in bedryf was. 1. Die skade van tyd en natuur. 2. Die vyandige aanvalle van die barbare en Christene. 3. Die gebruik en misbruik van die middele. 4. Die onenigheid in eie gelede van die Romeine” (*The Decline and Fall of the Roman Empire*, Hoofstuk 71).

Hedendaagse ryke het ook gekom en gegaan. In die 20ste eeu het die Duitse “Derde Reich” met militêre “blitzkrieg”-aanvalle sy heerskappy oor groot dele van Europa en Noord-Afrika uitgebrei. Adolf Hitler se ambisie het die verowering van die Sowjetunie ingesluit, maar hy het misluk. Die geallieerde magte het die Derde Reich verslaan. Die Sowjetunie, of die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke, het uit 15 republieke bestaan wat van oos na wes, oor 11 000 myl gestrek het. Hierdie groot supermoondheid het hom in sy kommunistiese ideologie verlustig; dit het geveg vir die

harte van nasies en volke regoor die wêreld – en uiteindelik het dit gefaal.

Nou het daardie eens magtige moondheid in 15 versukkelende nasiestate versplinter, met twaalf van hulle verbind in die Gemenebes van Onafhanklike State. Wie kon die ineenstorting van so 'n groot supermoondheid voorspel het? U sal verbaas wees om te verneem dat 'n klein groepie Christene wat op die Bybel staatmaak, nog altyd verstaan het dat Oos-Europa uiteindelik uit die ystergreep van die Sowjetunie sou ontsnap.

Hoe het hulle geweet? Bybelprofesieë het die opkoms van 'n ander groot supermoondheid, wat in Openbaring die Dier genoem word, voorspel. Meer as 50 jaar gelede het mnr. Herbert W. Armstrong geskryf dat Oos-Europa met Wes-Europa sou verenig en dat Rusland “gedwing sou word om haar heerskappy oor Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en dele van Oostenryk prys te gee” (*Good News*, April 1952, bl. 16).

Kort na Rusland se inval in Hongarye in 1956, toe baie “kundiges” geglo het dat die “Ystergordyn” vir ewig oor die nasies van Oos-Europa gesak



het, het die *Plain Truth*-tydskrif hierdie verbasende stelling gemaak: “Die weg word voorberei vir 'n reuse derde mag in wêreldpolitiek – 'n Europese Federasie van Nasies wat magtiger sal wees as hetsy Rusland of die Verenigde State! ... Ons het jare vooruit getoon wat sou word van Rusland se rampspoedige Ryk in Oos-Europa” (*Plain Truth*, Desember 1956, bl.3).

Sal vandag se Westerse nasies dieselfde patroon van agteruitgang en verval of ineenstorting volg as die nasies wat hulle voorafgegaan het? Sal Groot Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland ook agteruitgaan en tot 'n val kom? Sal die Verenigde State al hoe meer orkane soortgelyk aan Katrina, aardbewings en ander natuurrampe ervaar? Sal ons voortgaan om terreuraanvalle te beleef? Die geskiedenis en die Bybel toon dat keer op keer wanneer nasies die God van die Skepping verwerp, hulle geoordeel sal word. Sal die Westerse wêreld voortgaan met sy verwerping van Bybelse waarheid? Die filosoof Georg Hegel maak die opmerking: “Wat ervaring en die geskiedenis ons leer is die volgende – mense en regerings het nooit enigiets uit die geskiedenis geleer of gereageer op die beginsels wat uit geskiedenis afgelei is nie” (*The Philosophy of History*).

Die geskiedenis van die wêreld is die verhaal van nasies en ryke wat voorspoedig was en later tot 'n val gekom het. Sal ons lesse uit die geskiedenis leer?

Party ryke het stadig agteruitgegaan voor hulle algehele verval. Ander is skielik vernietig of verower. Die groot ryke van die verlede is nou niks meer as artefakte in museums of gebroke monumente waar die ryke eens floreer het nie. Brittanje het eens op 'n tyd die wêreld se grootste ryk beheer. Teen 1921 het dit ongeveer 15 miljoen vierkante myl beslaan – 'n derde van die wêreld se totale grondoppervlakte – wat ongeveer 'n kwart van die wêreld se bevolking bevat het. Daar is gesê dat “die son nooit oor die Britse ryk ondergaan nie”. Na 'n laaste kortstondige uitbreiding kort na die Tweede Wêreldoorlog, het 'n proses van “dekolonisasie” begin en teen 1960 het die Britte die grondgebiede prysgegee wat vandag bestaan uit Indië, Parkistan, Burma, Sri Lanka, Irak, Ghana, Nigerië, Somalië en groot dele van Afrika suid van die Sahara, asook die Palestynse Mandaat en dele van Egipte en die Soedan. Oor die afgelope 40 jaar het Brittanje die meeste van haar oorsese besittings prysgegee, die mees onlangse was die teruggawe van Hong Kong aan Chinese soewereiniteit in 1997. Die son het lankal reeds oor die Britse ryk gesak.

Sal die supermoondheid, Amerika, 'n soortgelyke verval in die gesig staar? Elke nasie – elke ryk – van die verlede het tot 'n val gekom, net soos Griekeland en Rome. **U kan weet** watter nasies of ryke in die 21ste eeu tot 'n val sal kom.

Bybelprofesieë onthul die toekoms van die Westerse nasies, mits u weet wat die sleutel is om die moderne afstammeling van antieke Bybelse nasies te identifiseer.

Verbaas dit u? Onthou, daar is 'n God in die hemel wat hier op aarde 'n groot plan uitwerk. Hy gee rebelse mense duisende jare om met hul eie mensgemaakte godsdiens, wetenskap, regering, sakewêreld, onderwys en maatskaplike instansies te eksperimenteer. God laat mense toe om hul eie vleeslike weg van selfsug, oorlog en geweld te volg, maar Hy het 'n plan – en soos ons uit die geskiedenis en die Bybel sien, gryp Hy in wêreldsake in om die mensdom te help om blywende lesse van lewe en dood te leer.

### Lesse geleer?

Het ons lesse uit die geskiedenis geleer? Die beroemde filosoof George Santayana, skryf in sy bekende verhandeling *Reason in Common Sense*: “Diegene wat die verlede nie kan onthou nie, is gedoem om dit te herhaal”. Sal ons in die Westerse wêreld die lesse van die geskiedenis leer, of sal ons die patroon van al die groot koninkryke en ryke volg wat voor ons gekom en gegaan het – wat tot die hoogtes van mag en oorheersing geklim het en dan in agteruitgang en vergetelheid verval het?

Bélsasar, die laaste koning van Babilon, was een groot heerser wat 'n les uit die geskiedenis moes leer. Tog het

hy aangedring op sy eie goddelose leefwyse en het ander mense in losbandigheid gelei. Sy ryk het die straf daarvoor betaal. Daardie diepsinnige les is in die anale van die geskiedenis en in die bladsye van u Bybel aangeteken. Die profeet Daniël was in die stad Babilon die nag toe die Persiese ryk dit oorweldig het. Deur Daniël het God vir koning Bêlsasar laat weet wat met hom en sy ryk gaan gebeur. Die verbasende verloop van gebeure is in hoofstuk 5 van die boek Daniël aangeteken, in die bekende verhaal van die "skrif aan die muur". Koning Bêlsasar het 'n fees voorberei – 'n groot partytjie – vir duisende van sy vorste. Hulle het wyn uit die goue bekere gedrink wat uit God se Tempel in Jerusalem geplunder is. "Op dieselfde oomblik het daar vingers van 'n mens se hand te voorskyn gekom en teenoor die kandelaar op die kalk van die muur van die koninklike paleis geskrywe, en die koning het die deel van die hand gesien wat geskrywe het. Toe het die gelaatskleur van die koning verander, en sy gedagtes het hom verskrik, en die gewigte van sy heupe het losgeraak, en sy knieë het teen mekaar geslaan" (Daniël 5:5-6).

Die koning het Daniël gevra om hierdie raaisel uit te lê. Wat het hierdie geheimsinnige hand geskryf? "En dit is die skrif wat geskrywe is: Mené, mené, tekél ufarsín. Dit is die uitleg van die woord: Mené – God het u koningskap getel en daar 'n

einde aan maak; tekél – u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind; perés – u koninkryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee" (Daniël 5:25-28). Toe: "In dieselfde nag is Bêlsasar, die koning van die Chaldeërs, gedood. En Darius, die Meder, was twee-en-sestig jaar oud toe hy die koningskap ontvang het" (Daniël 5:306:1).

**Vandag is die skrif aan die muur vir die Verenigde State en Groot Brittanje.** Die waarskuwingstekens is rondom ons, namate ons nasies al hoe meer dekadent (vervalle) en onsedelik raak. Tog is daar nog tyd vir ons om ons op nasionale en individuele vlak te bekeer. Sal ons na God se waarskuwings luister?

Gedurende die afgelope paar jaar het Amerika skokkende rampe ervaar. Op 11 September 2001 het terroriste vliegtuie gekaap en in New York se Wêreld Handelsentrum en die Pentagon in Washington, D.C. vasgevlug. Duisende mense is in die aanvalle dood. In September 2005 het orkaan Katrina die suidelike kus van die Verenigde State vernietig. Die stad New Orleans was oorstroom. Katrina is "die ergste natuurramp in die Amerikaanse geskiedenis" genoem.

Hierdie rampe het getoon hoe kwesbaar en onvoorbereid ons is. Kan enige nasie bekostig om honderde miljard dollars verliese te ly? Watter lesse behoort ons uit hierdie katastrofes te leer? Is dit bloot 'n verwagte deel van die siklus van die geskiedenis en die natuur?

Of is God besig om kragtig in te gryp om ons wakker te skud uit ons sedelike en geestelike verval? As ons met onself eerlik wil wees, moet ons erken dat ons nasies ver van die God van die Bybel en Sy Seun, Jesus Christus, afgedwaal het! Indien ons in die Westerse wêreld aanhou om die Tien Gebooie en die Woord van God, die Bybel, te ignoreer, te verafsku en te verwerp, sal ons meer natuurrampe in die gesig staar – totdat ons dit deur ons dik, vleeslike koppe kry dat ons na God met ganser harte moet soek! Die profeet Jesaja gee vir ons hierdie vermaning, bemoediging en belofte: "Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik" (Jesaja 55:6-7).

Ons moet nou geestelik optree! Party hardekoejawels sal natuurlik skepties bly, maar diegene wat God met behulp van Sy Woord soek, sal begrip en gemoedsrus verkry.

### 'n Antieke les

Ons het gesien dat groot ryke nie vir ewig bly voortbestaan nie. Hulle verrys, gaan agteruit en verval. Sal die Westerse nasies lesse uit die geskiedenis leer? Koning Bêlsasar het die lesse geïgnoreer wat hy by sy voorganger, Koning Nebukadnesar, wat eers oor die Babiloniese Ryk regeer het,

moes leer. Daniël het Bélsasar herinner aan die lesse wat hy moes leer by hierdie vorige koning: “Wat u betref, o koning, die allerhoogste God het aan u vader Nebukadnesar die koningskap en grootheid en heerlikheid en majesteit gegee. En vanweë die grootheid wat Hy hom gegee het, het al die volke, nasies en tale gebewe en vir hom gesidder; wie hy wou, het hy gedood, en wie hy wou, het hy laat lewe, en wie hy wou, het hy verhoog, en wie hy wou, het hy verneder. **Maar net toe sy hart hom verhef het en sy gees verhard is om oormoedig te wees, is hy van die troon van sy koningskap afgestoot**, en die heerlikheid is hom ontnem. En hy is uit die mense verstoot, en sy hart het soos dié van die diere geword, en hy het saam met die wilde-esels gewoon; hulle het hom plante laat eet soos die beeste, en deur die dou van die hemel is sy liggaam natgemaak totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daarvoor kan aanstel wie Hy wil” (Daniël 5:18-21).

Nebukadnesar het 'n dure les geleer. Hy het probeer regeer sonder om aan God erkenning te gee en hy het vreeslik daardeur gely! Moet ons ook die lesse op die harde manier leer, of sal ons aandag skenk aan God en aan Sy Woord, die Bybel?

Die profeet Daniël het reeds voorspel dat Babilon tot 'n val sou kom en vervang sou word deur die ryk van die Mede en die Perse. Koning Nebukadnesar het 'n droom gehad wat geeneen

van sy astroloë vir hom kon uitleë nie. Die profeet Daniël het egter nie net vir die koning vertel wat sy droom was nie, maar het ook die uitleg daarvan gegee: “U, o koning, het 'n gesig gehad – kyk, daar was 'n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei” (Daniël 2:31-33).

Die profeet Daniël het vir die koning vertel wat die droom se betekenis was: “U, o koning, koning van die konings, aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het, en in wie se hand Hy in die hele bewoonde wêreld die mensekinders, die diere van die veld en die voëls van die hemel gegee het, sodat Hy u as heerser oor hulle almal aangestel het – ú is die hoof van goud” (vers 37-38).

Hier onthul God die mag en gesag wat Hy, die Skepper van die heelal, aan die “kop van goud” – Nebukadnesar en sy koninkryk – gegee het. Die droom het egter die einde van Nebukadnesar se koninkryk voorspel en die totstandkoming van ander ryke na syne: “En ná u sal daar 'n ander koninkryk opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde koninkryk, van koper, wat oor die hele aarde sal heers; en die

vierde koninkryk sal hard wees soos yster, juis omdat yster alles fynstamp en verpletter; en soos die yster wat vergruis, sal hy dit alles fynstamp en vergruis” (vers 39-40).

Watter ryke het hierdie droom beskryf? Agtenswaardige Bybelgeleerdes stem vandag saam oor hul identiteit en vervulling. Die kop van goud verteenwoordig die Babiloniese Ryk van 625 v.C. tot 539 v.C. Hierdie ryk is vervang deur die Medo-Persiese Ryk van 558 v.C. tot 330 v.C., wat verteenwoordig is deur die bors en arms van silwer. Die buik en lendene van koper beeld die Grieks-Masedoniese Ryk van Alexander die Grote uit, van 333 v.C. tot 31 v.C. Die twee bene van yster dui op die Romeinse Ryk van 31 v.C. tot 476 n.C. Laastens, die tien tone aan twee voete van yster gemeng met klei, dui op **'n toekomstige herlewing van die Romeinse Ryk**.

Die droom het een baie belangrike laaste detail onthul. Die vier wêreldlike koninkryke wat in Nebukadnesar se droom voorgestel word, *sal almal tot 'n einde kom*. Hulle sal vervang word deur wat ons 'n vyfde Koninkryk noem, die toekomstige Koninkryk van God.

“U het gekyk totdat daar sonder toedoen van mensehande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf

geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het" (vers 34-35).

Wat is die klip wat die beeld getref het? Daniël beskryf die betekenis daarvan: "Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan" (vers 44).

Ja, die Koninkryk van God sal binnekort na hierdie aarde kom! Slegs God kan vir ons blywende vrede bring.

### Sal ons onself bekeer?

Regdeur die geskiedenis van die wêreld was dit uiters seldsaam om enige samelewing te vind wat hulle van hul goddelose weë afgesien het. Nineve, die hoofstad van antieke Assirië, langs die Tigrisrivier, was een van net 'n paar en het in werklikheid God se oordeel vertraag. Die profeet Jona het met God se waarskuwing na die burgers van Nineve gekom: "En Jona het begin met een dagreis ver die stad in te gaan en het gepreek en gesê: Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes" (Jona 3:4). Hoe het die inwoners van Nineve daarop reageer? Het hulle God se profeet Jona geïgnoreer? Nee! "En die

manne van Ninevé het God geglo en 'n vasdag uitgeroep, en groot en klein het hulle met rougewaad bekleed. En toe die berig die koning van Ninevé bereik, het hy opgestaan van sy troon en sy mantel afgehaal en in rougewaad gehuld in die as gaan sit" (vers 5-6). Kan u u indink dat enige wêreldleier vandag hom op so 'n wyse voor God sal verootmoedig?

Die Assiriërs het gereageer op Jona se waarskuwing. Hulle het hulle bekeer van hul goddelose weë en God het hulle gespaar. Die gebeure het in die agtste eeu voor Christus plaasgevind. God het Nineve vir nog baie jare gespaar en die nasie selfs gebruik om antieke Israel te straf en sy mense in ballingskap weg te voer. Nadat Assirië die "Noordelike Koninkryk" – Israel – in ballingskap weggevoer het, was daardie koninkryk (Israel) verlore vir die geskiedenis en het hulle bekend geword as die "verlore tien stamme".

Die profeet Jesaja teken aan wat God se doel was om Assirië te gebruik om Israel te straf. Jesaja haal God aan wat sê: "Wee Assur! die roede van my toorn en 'n stok is hy – in hulle hand is my grimmigheid! Ek sal hom stuur teen 'n roekelose nasie, en Ek sal hom bevel gee teen die volk van my grimmigheid, om buit te maak en roof in te samel en om hulle tot 'n vertrapping te maak soos modder van die strate. Maar hý bedoel dit nie so nie, en sy hart dink nie so nie; maar om te

verdelg, is in sy hart, en om nasies uit te roei, nie min nie" (Jesaja 10:5-7).

God het die koninkryk van Israel gewaarsku om hulle te bekeer, maar die mense het geweier om hulself te verander. Daarom het die Assiriërs die tienstammige Huis van Israel verower en die gevangenes ver na die ooste in Assirië weggevoer. Israel se finale ballingskap het ongeveer 721 v.C. plaasgevind. Uiteindelik het Assirië egter tot sy vleeslike weë teruggekeer en in 612 v.C. het God toegelaat dat die Mede Nineve vernietig.

God het ook sy waarskuwings aan Juda gestuur, maar daardie nasie het ook in hul sondes volhard. Om dié rede het God die koninkryk van Babilonië onder koning Nebukadnesar gebruik om die Huis van Juda te straf. Die meerderheid van die Jode is oor 'n tydperk van twee dekades na Babilon gedeporteer, wat geëindig het met die vernietiging van Jerusalem in 586 v.C. As 'n jongman is Daniël en drie van sy vriende gevange geneem en opgelei in die kultuur en literatuur van Babilon. Daardie jong manne het volhard in die goddelike waardes wat hulle in Juda geleer is en God kon Daniël gebruik om Nebukadnesar se droom uit te lê – en om die goeie nuus te verkondig van 'n toekomstige groot Koninkryk wat vir ewig sal bly staan!

Ja, die Koninkryk van God sal vir ewig bly staan! U kan daarop

*Vervolg op bladsy 27*

# Werk: 'n Seëning of 'n vloek

Deur Rod McNair

**Miljoene mense ervaar hul werk as onvervullend en doelloos. Wil God hê dat ons ons werk geniet, of dat ons dit slegs verduur?**

Baie mense bevind hulle deesdae in “doodloopbaantjies” of in werk wat hulle as doelloos en frustrerend ervaar. Voel u dat u werk u in 'n eenrigtingstraat aflei? Moet dit so wees?

'n Onlangse meningspeiling van CareerVision.org wys dat slegs sowat die helfte van Amerikaanse werknemers tevrede is in hul beroepe. Britse werknemers het soortgelyke vlakke van misnoeë uitgespreek, aldus 'n verslag deur die European Foundation for the Improvement of Living and Working Conditions. Skrywers James Patterson en Peter Kim berig dat meningpeilings aandui dat tot 90 persent van werknemers nie van hul werk hou nie (*The Day America Told the Truth*, bl.155). Hoewel party mense wel tevrede is en betrokke is by hulle werk, is baie ander mense ontevrede. *Waarom?*

Regdeur die grootste gedeelte van die mens se geskiedenis, het die meeste mense hul werk nie as baie aangenaam of selfs bevredigend ervaar nie. Selfs vandag is werk vir die meeste mense van die aarde se bevolking, nie 'n luukse nie maar eerder 'n “noodsaaklike euwel” in hul *stryd om oorlewing!* Soos een geleerde skrywer

verduidelik: “Uit 'n historiese oogpunt, is die kulturele norm om 'n positiewe morele waarde te heg aan 'n taak wat goed gedoen is omdat werk 'n persoonlike waarde het, 'n relatief nuwe ontwikkeling ... Werk, vir die grootste gedeelte van die antieke geskiedenis van die mensdom, was moeilik en vernederend ... die Hebreeuse geloofstelsel het werk bestempel as 'n vloek deur God versin met die uitdruklike doel om Adam en Eva se ongehoorsaamheid en ondankbaarheid te straf... Talle Ou-Testamentiese skrifte ondersteun trouens die beginsel van werk, nie uit die oogpunt dat daar enige vreugde aan verbonde is nie maar wel uit die veronderstelling dat dit nodig was om armoede en gebrek te voorkom” (*Historical Context of the Work Ethic*, Roger Hill, D.Phil.).

Het iets gebeur om die samelewing se sien swyse betreffende werk te *verander*? Is werk aanvanklik as positief en vervullend beskou, waar dit tans oor die algemeen ten beste as 'n noodsaaklike las verduur word? Die verrassende antwoord is: **Ja!**

Genesis sê vir ons dat God gewerk het om ons wêreld te skape – Hy het die water en die

droë grond geskei en die visse, voëls en landdiere geskape. Genesis maak ses keer melding daarvan dat God na die werk van Sy hande gekyk en gesien het dat dit goed was! Na afloop van die week, nadat Sy werk klaar was, kyk God na alles wat Hy gemaak het en “dit was baie goed” (Genesis 1:31).

God se werk het Hom nie gekwel nie; Hy het dit geniet! Hy het vir ses dae gewerk en toe gerus sodat Hy Sy arbeid op die sewende dag kon geniet. Sodoende het Hy die weeklikse Sabbat ingestel (Genesis 2:1-3).

God wou egter nie die skeppingsproses op Sy eie geniet nie; Hy wou Sy wêreld en die ontwikkeling daarvan met ander deel. Een van die hoofredes waarom Hy die mens geskape het, was om *in die vreugde van Sy werk te deel*. Ons lees: “Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee ... Toe het die HERE God die mens geneem en hom in die tuin van Eden gestel om dit te bewerk en te bewaak” (Genesis 2:8,15).

God wou hê dat Adam en Eva en hul afstammeling die aangename en opwindende uitdaging moes hê om na die Tuin van Eden om te sien en om

uiteindelik die ganse aarde te verfraai! Hulle het egter gesondig. Hulle het God se waarheid, Sy oppermag oor hulle en Sy leefwyse verwerp. Wat was die gevolg?

“En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – *vervloek is die aarde om jou ontwil*; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet” (Genesis 3:17-19).

Toe Noag gebore is, was sy naam 'n herinnering dat die mensdom, danksy Adam en Eva se sonde, met onaangename werk geswoeg het. Tydens sy geboorte sê sy ouers: “Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die HERE vervloek het” (Genesis 5:29). In Hebreeus beteken die naam “Noag” “rus”, wat 'n aanduiding is van die verligting van moeitevolle arbeid wat sy ouers verwag het.

Ja, sonde het aaklige gevolge vir ons wêreld tot gevolg gehad! Adam en Eva het 'n ideale werk prysgegee – 'n wonderlike omgewing met die perfekte werkomstandighede en uitstekende voordele! Deur te sondig, het hulle besluit om teen God se bevele te rebelleer, en is hulle uitgedryf uit dié mees herbergsame en produktiewe omgewing. Miljarde mense

sukkel sedertdien om aan die lewete bly.

Die Industriële Revolusie was veronderstel om 'n beter lewenstyl tot gevolg te hê weens die vooruitgang tot doeltreffender masjinerie om arbeid te beperk. Industriële vooruitgang het egter nie werklik die probleme van talle werkende mense opgelos nie. Trouens, die geskiedenis toon dat baie werkers in die meulens en fabriekke in betreurenswaardige omstandighede swaargekry het. In 1833 is die fabriekswerkers in Engeland en die wanhopige omstandighede wat hulle die hoof moes bied so beskryf: “Hul gelaat is sieklik en bleek – met 'n eienaardige platheid van gelaat weens 'n gebrek aan 'n behoorlike hoeveelheid vetweefsel om hul wange rond te maak ... Talle meisies en vroue loop asof lam of op 'n vreemde wyse ... onbegeesterd en neerslagtige houding, lomp en uitgestrekte beenbewegings ... dus 'n algemene toonbeeld aan die wêreld van 'min sekuriteit as 'n menslike wese', en van 'iemand wat wreed uit sy regmatige deel verkul is” (“The Physical Deterioration of the Textile Workers”, *The Manufacturing Population of England*, P. Gaskell, bl. 161-162, 202-203).

Veral kinders het onder die nuwe gemeganiseerde ekonomie gely, waar baie in werklikheid as slawe gewerk het. Die skrywer gaan voort: “Fabrieksarbeid is 'n soort werk wat in party opsigte heeltemal onvanpas vir kinders is.

Wanneer hulle in 'n verhitte atmosfeer ingehok word, weerhou word van die nodige oefening, ure lank in een posisie werk, met slegs een groep spiere wat aktief is, is dit geen wonder dat skadelike uitwerking op die fisieke groei van 'n kind die gevolg is nie” (*ibid.*).

Hoewel werkomstandighede oor die afgelope eeu en 'n half grootliks verbeter het, bestaan moderne slawerny vandag steeds in fabriekke. In baie lande ly werkers steeds onder strawwe toestande en moeilike omstandighede.

### 'n Ware rus lê voor

God het vir ons die sewendedag Sabbat gegee – 'n weeklikse rusperiode van ons arbeid – om ons te herinner dat daar, ná 6 000 jaar waartydens die mens hul eie, selfsugtige leefwyse volg, binnekort 'n duisendjarige “rus” sal kom. Dit is gedurende Jesus Christus se duisendjarige heerskappy op aarde. Die Nuwe Testament vertel ons van 'n rus wat vir die ganse aarde kom: “Laat ons dan vrees dat, terwyl die belofte om in Sy rus in te gaan nog standhou, dit nie miskien sal blyk dat iemand van julle agtergebly het nie ... Want as Josua aan hulle rus gegee het, sou Hy nie van 'n ander dag daarná spreek nie ... Want wie in Sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne” (Hebreeërs 4:1,8, 10).

Hoe sal daardie duisendjarige rus wees? Bybelprofesie wys dat dit 'n tyd sal wees wanneer die aarde sal

terugkeer na 'n toestand soos in die Tuin van Eden (Jesaja 51:1-3). Die Skrif verwys ons na 'n toekomstige tyd wanneer “elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom [sal sit], sonder dat iemand hulle verskrik” (Miga 4:4). Trouens, die grond sal so vrugbaar wees en die omgewing so bevorderlik vir die onderhouding van menselewe, dat “die ploëer die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier” (Amos 9:13). Ons lees: “Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing” (Jesaja 35:1).

Die vloek van Adam en Eva sal opgehef word, en, die *hoofsaak* van God se vloek – die mensdom se opstand teen en verwerping van God se weë en Wette – sal verwyder word.

### **Insettinge by die werkplek**

Die profeet Esegïël beskryf die lewe onder God se Regering: “En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee ... En Ek sal My Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle *in My insettinge wandel* en My verordeninge onderhou en doen” (Esegïël 36:26-27).

Insettinge of regulasies by die werkplek kan lewens red en 'n veilige en gesonde werkomgewing aanmoedig. In Suid-Afrika het die Wet op Beroepsveiligheid en Beroepsgesondheid talle regulasies vasgestel om werkomstandighede vir werknemers veiliger te maak en daardie veiligheidsmaatreëls

moet deur werkgewers toegepas word. Lank voor die wetgewing vir beroepsveiligheid en -gesondheid, *het God regulasies vasgestel* vir 'n veilige en gesonde omgewing. Byvoorbeeld: “En as iemand 'n put oopmaak, of as iemand 'n put grawe en *dit nie toemaak nie*, en 'n bees of esel val daarin, moet die eienaar van die put vergoeding gee: hy moet aan die eienaar *van die dier* geld gee” (Eksodus 21:33-34). 'n Ander Goddelike insetting beskryf 'n noodsaaklike boueginsel, naamlik om relings op plat dakke op te rig om ongelukke te voorkom: “As jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n leuning aan jou dak maak, sodat jy geen bloedskuld op jou huis bring as iemand daarvan afval nie” (Deuteronomium 22:8).

In die toekomstige Millennium sal die aarde onder Jesus Christus se heerskappy 'n lewendige en gesonde ekonomie beleef. Genoegsame goedere en doeltreffende dienste sal verskaf word deur mense wat besig en betrokke by hul werk is, en dit boonop geniet! Namate mense begin om God se siening van werk aan te leer en Sy beginsels van liefde elke dag toe te pas deur die inwonende krag van Sy Heilige Gees, sal hulle onbeskryflike vrede en vervulling in hul werk beginervaar!

Daardie tyd sal opwindend en wonderlik wees. Maar moet ons eers wag vir Christus se Wederkoms om 'n gelukkiger werkomgewing te geniet? Wil u graag vandag reeds meer

doelgerigtheid en opwinding in u werk en lewe ervaar? U kan! Dink na oor hierdie basiese punte om u werk *meer geseënd* te maak, ongeag watter werk u doen.

### **Kyk na God om vir u te sorg**

Adam en Eva het die fout gemaak om aan God ongehoorsaam te wees en om vervulling te soek met hul eie pogings. Die noodsaaklike eerste stap tot vervulling in u werk is om uit hulle fout te leer, en om God te aanvaar as u Heer – u Baas – die ware heerser van u lewe, die Een wat in al u behoeftes voorsien. Indien u *werklik* geseënd en gelukkig in u werk wil wees, begin om na Hom te kyk.

Christus leer ons: “As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?... *Maar soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid*, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:30-33).

Indien u God eerste plaas – Sy wil doen en Sy gebooe gehoorsaam – sal Hy u werk en u lewe lei en bestuur. Soos Hy vir die Israeliete gesê het: “Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe ... as jy nogtans die HERE jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker Ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom” (Deuteronomium 8:18-19).

God beveel ons om dankbaar te wees (Kolossense 3:15). As ons in onseker ekonomiese tye kos op die tafel het – en die werk om dit te kan voorsien – is dit gewis iets om voor dankbaar te wees. Die apostel Paulus vermaan ons: “Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God” (Filippense 4:6). Die eerste stap om meer vervulling in u werk te kry, is eenvoudig om erkenning te gee aan die God wat dit voorsien.

### Word 'n beter werknemer of werkgewer

Hoe kan u beter werkomstandighede ervaar? Een manier is om 'n beter werker te word! Volgens sommige beramings, *erken* Amerikaanse werkers dat hulle tot 20 persent van die tyd by die werk rondsit en niks doen. Bykans die helfte erken dat hulle bel en sê hulle is siek as hulle eintlik gesond is, een uit ses drink of gebruik dwelms by die werk, en net 'n kwart sê dat hulle hul beste doen by die werk (Patterson, bl. 155)! Wat van u? Is u toegewyd om 'n eerlike dag se werk te doen?

Vind u dit moeilik om met ander mense oor die weg te kom – u kollegas, u medewerkers, of u baas? En as u 'n besonder *moeilike* baas het? God wys ons hoe om sulke situasies te hanteer: “Diensknegte, wees julle here onderdanig met alle vrees, nie alleen aan die wat goed en vriendelik is nie, maar ook aan die wat verkeerd is.

Want dit is genade as iemand, ter wille van die gewete voor God, leed verdra deur onregverdig te ly ... verdra wanneer julle goed doen en ly – dit is genade by God” (1 Petrus 2:18-20).

Wanneer u mishandeling beleef deur 'n bakleierige baas kom daar beslis 'n tydstip dat u moet stop om dit te verduur en van werk moet verander. Voordat u egter haastig van 'n onaangename werkplek wegvlug, maak seker dat u alles in u vermoë gedoen het om u werksituasie te verbeter. Wend 'n poging aan om maniere te vind om u baas te help om sy of haar doelwitte te bereik. Streef na samewerking eerder as konfrontasie. Onthou, “'n sagte antwoord keer die grimmigheid af, maar 'n krenkende woord laat die toorn opkom” (Spreuke 15:1). Leer opbouende maniere aan om konflik te verwerk sodat u stresvlakke verlaag en u gesindheid meer positief is in die werkervaring!

Indien u oor ander toesig hou, sukkel u om met hulle oor die weg te kom? Bestee tyd daaraan om te leer om u werknemers te bemoedig en te motiveer – selfs die “moeilikes”! Die Bybel sê vir bestuurders om “reg en billikheid” aan werkers te betoon (Kolossense 4:1), en, “laat staan die dreigemente” (Efesiërs 6:9). Regverdigheid, geduld en 'n eerlike poging om u werknemers se doelwitte en behoeftes te verstaan, gaan u verbring om 'n tevrede en opbouende gesindheid in u onderneming te skep. God sien hoe bestuurders

ander mense behandel, welwetende dat Hy *hulle* “Bestuurder” in die hemel is (vers 9).

### Benader werk met passie en ywer

Wat is u passie? Bofbal promotor, Mike Veeck, glo dat passie in die werkplek noodsaaklik is om gelukkig en tevrede te voel: “Die meeste van ons laat toe dat die lewe ons rondgooi. Ons verval in roetine, veral by die werk, en mettertyd dwaal ons deur die grootste deel van ons lewe, veral by die werk. Dit is tyd om onself uit hierdie gebrek aan belangstelling wakker te skud ...” (*Fun is Good: How to Create Joy and Passion in Your Workplace and Career*, bl. 6). Passie en ywer moet egter nie verwar word met om 'n *werkolis* te wees nie. Die doel is nie om verslaaf te wees aan u werk nie – dit is om iets te doen waarvoor u lief is en wat u dink belangrik is. Om deel te hê aan iets waarvoor u baie omgee sal opwinding in u werk bring en u kreatiwiteit verhoog.

Veeck verduidelik waarvoor hy uitkyk wanneer hy 'n onderhoud voer met potensiële werknemers: “Wanneer ek onderhoude voer, soek ek vir passie en ek kan binne twee minute sê of die persoon dit het ... Iemand met die indrukwekkendste agtergrond sal nie inpas as hy of sy nie passie het nie. Terselfdertyd sal iemand met 'n beskeie werkrekord en ondervinding dalk perfek pas” (*ibid.*, bl. 5).

Dit is buitengewoon om werk



te vind wat presies inpas by u passie in die lewe. Om egter *iets* te vind waaroor u opgewonde kan raak, sal u werkgenot grootliks aanhelp. Die toepassing van hierdie beginsel strek verder as die werkplek. Hoewel party mense vandag gou is om 'n vrou se rol as tuisteskepper soos dit in die Bybel beskryf word (Titus 2:5) te verkleineer, is die waarheid dat die bestuur van 'n huishouding 'n vrou geleentheid bied om haar eie passies in versiering en ontwerp, kookkuns, naaldwerk, gesondheid en voeding, begroting, kinderontwikkeling en baie ander areas uit te leef. Die skrywer Alexandra Stoddard sê: “Die toets van 'n ware roeping, het iemand eenkeer gesê, is liefde vir die sleurwerk wat daarmee saamgaan ... Wanneer ons ons werk met toewyding en oortuiging doen, ons trots is op alles wat ons doen, wanneer ons ywerig en passievol is om dit reg te doen, is elke ding wat ons doen belangrik ...” (*Gracious Living in a New World*, bl. 126).

Koning Salomo van antieke Israel het lank gelede hierdie wyse raad gegee: “Alles wat jou hand vind om te doen, *doen dit met jou mag*, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie” (Prediker 9:10). Om ons werk te doen – wat ons werk ookal is – met passie en ywer, verhoog ons motivering, dryfkrag en ons genot om daardie taak te verrig.

### **Indien u u werk wil geniet – geniet u werk!**

Bybelprofesie beskryf Jesus Christus se duisendjarige heerskappy as 'n tydperk wanneer die hele wêreld vreugde en genot sal ervaar (Jesaja 35:1-2,10). God is 'n vreugdevolle God en Sy Gees word vergelyk met “vreugdeolie” (Jesaja 61:3). Vandag swoeg mense deur hulle werk met 'n swaar hart, belas met stres en druk. Jesus beloof egter verligting en “rus” vir diegene wat na Hom toe kom (Matteus 11:28-30). Ervaar u hierdie “rus” – laat u Jesus Christus toe om u te help om u las te dra en om u op te hef wanneer u terneergedruk is?

Die meeste van ons ken iemand wat 'n aansteeklike sonnige persoonlikheid het en ons het al gesien hoe 'n opgewekte woord of spontane lag op die regte tyd 'n spanningsvolle of stresvolle situasie kan verlig. Lank gelede is Salomo geïnspireer om te skryf: “'n Vrolike hart maak die aangesig bly, maar by verdriet van die hart is die gees neerslagtig” (Spreek 15:13).

Om ware sukses in ons werk – en in die lewe – te hê, moet *ons geniet wat ons doen*. Dink hieroor na: “Ek wil hê dinge moet vreedsaam en gelukkig wees want dit is die omgewing wat my die kreatiefste maak ... Mense het 'n sterk behoefte om gelukkig te wees en dit is 'n moeilike ding om na te maak as dit nie eg is nie” (Veeck, bl. 21).

Kan u maklik glimlag en in 'n

swaarmoedige situasie die atmosfeer 'n bietjie ophelder? Kan u vir uself lag en uself nie te ernstig opneem nie? Deur iemand te word wat nie net met ywer en passie werk nie, maar ook met *vreugde*, kan u 'n veel beter werkervaring hê en ander help om ook meer produktief te wees.

### **Verstaan vir Wie u regtig werk**

Vir 'n ware Christen kan selfs die moeilikste en doodloopbaantjie met 'n doel en belangrikheid *gevul wees* – mits ons onthou vir Wie ons regtig werk! Paulus verduidelik: “*Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus*; nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen” (Efesiërs 6:5-6). U werk kan groter betekenis aanneem wanneer u besef dat u nie bloot vir mense werk nie, maar om God te behaag!

Ons lewens vandag is 'n opleidingskool vir iets baie groter. Adam en Eva is die geleentheid gebied om vir God te werk – dieselfde geleentheid wat vandag aan ware Christene gegee word! God soek na mense wat Hy kan gebruik in die toekomstige Millennium, mense wat aan Hom gehoorsaam is, wat hard werk, wat lief is vir ander en wat passie en genot het vir die lewe!

Beskou u u werk as gering, eindeloos en waardeloos? Voel

**Vervolg op bladsy 26**

# Van swaarde ploegskare smee

Deur Douglas S Winnail

## Is daar 'n verlore dimensie in die soeke na wêreldvrede? Die Bybel onthul belangrike sleutels!

*Waarom* is die soeke na wêreldvrede so moeilik en frustrerend? *Waarom* het die pogings van diplomate, pouse, politici, weermagte en generasies van betogers versuim om blywende vrede te bereik? *Waarom* was die Verenigde Volke nie in staat om werklike eenheid onder die nasies en volkere van die wêreld te bevorder nie? *Wat skort* met menslike pogings om onmin, geweld en oorloë wat steeds oral op aarde uitbreek, te beëindig? Is daar 'n weg wat tot ware vrede op aarde sal lei?

Hoe verrassend dit ook al vir hedendaagse skeptici en sekulêre geleerdes mag voorkom, onthul die Bybel 'n *verlore dimensie* in die soeke na vrede. Die getuigenis van die geskiedenis toon die ontnugterende gevolge wanneer hierdie noodsaaklike inligting nie verstaan word nie. Terwyl baie mense vandag aanneem dat dit onmoontlik is om die toekoms akkuraat te voorspel, onthul Bybelprofesie duidelik hoe daar vrede na die aarde sal kom. Wanneer u verstaan wat die Bybel aangaande die ware weg na vrede onthul, kan u ware hoop vir die toekoms hê!

### Die bloedigste eeu

Geweld en oorlogvoering

teister die mensdom al vir duisende jare, maar die afgelope jare was van die gewelddadigste. Die vooraanstaande Britse historikus, Niall Ferguson, skryf: “Die twintigste eeu was die bloedigste era in die geskiedenis ... tussen 167 miljoen en 188 miljoen mense het weens georganiseerde geweld gesterf” (*Foreign Affairs*, September-Oktober 2006, bl. 61). Ferguson voer aan dat “die Tweede Wêreldoorlog [wat ongeveer 55 miljoen lewens geëis het] die grootste mensgemaakte katastrofe van alle tye was” (*War of the World*, bl. xxxiv). Hy vra: “Wat maak die twintigste eeu... so bloedig? Die honderd jaar na 1900 was immers 'n tyd van ongekende vooruitgang” waarin kennis ontplof, tegnologie vooruitgegaan, lewensverwachting toegeneem en die lewensgehalte vir baie mense ongekende hoogtes bereik het (*ibid.*, bl. xxxv). In sy soeke na die oorsake vir moderne geweld, neem professor Ferguson waar: “Die verwagting kon gewees het dat sulke voorspoed die oorsake van oorlog uit die weg sou ruim. Baie van die ergste geweld van die twintigste eeu het egter relatief ryk lande betrek” (*Foreign Affairs*, September-Oktober 2006, bl. 62). Na die

evaluering van die faktore wat meestal as oorsake van oorlog en geweld voorgehou word – die beskikbaarheid van meer verwoestende wapentuig, ekonomiese krisis, die verskynning van grootheidswaansinnige diktators en uiterste ideologieë – “is nie in staat om oortuigend te verduidelik waarom dodelike konflik op spesifieke tye en plekke plaasgevind het nie” (*ibid.*, bl. 64).

In Ferguson se ontleding is die drie hoofoorsake van die geweld in die 20ste eeu, die opvlam van etniese konflik, ekonomiese plofbaarheid (stadig- of snelgroeiende ekonomieë wat samelewings onstabiel laat) en die verval van ryke (Ferguson, bl. xli). Hy is nie die enigste een wat erken dat hierdie faktore **weereens op die wêreldfront uitbreek** nie, en hy waarsku dat “indien die geskiedenis van die twintigste eeu 'n riglyn is, die brose raamwerk van die beskawing baie vinnig ineen kan stort” (*ibid.*, bl. 645). Ferguson sluit sy wetenskaplike studie van oorlog af met hierdie woorde: “Ons sal nog 'n eeu van konflik vermy, slegs indien ons die kragte verstaan wat die vorige een veroorsaak het – die donker magte wat etniese konflik optower en imperiale

wedywering weens ekonomiese krisis, en sodoende ons gemeenskaplike menslikheid weerspreek. Dit is magte wat diep binne almal van ons woel" (*ibid.*, bl. 646). Die ontugterende les van die 20ste eeu is dat ons nóg die werklike oorsake van oorlog, nóg die werklike weg na vrede op die aarde verstaan!

### Mislukte drome

Die wêreld se bloedigste eeu het ook herhaaldelike en ongekende wêreldpogings gesien om oorlog uit die weg te ruim en vrede te bevorder, maar geeneen van daardie mensgemaakte planne het daarin geslaag om die uiteindelijke doel van wêreldvrede te verwesenlik nie. In die jare pas na die Eerste Wêreldoorlog – die sogenaamde “oorlog om alle oorloë te beëindig”, ook genoem die oorlog “om die wêreld veilig te maak vir demokrasie” – het die politieke leiers in Amerika en Europa die Volkebond gevorm “om internasionale samewerking te waarborg en internasionale vrede en sekuriteit te bereik” (*Civilization Past and Present*, Brummett et al., bl. 762-763). Die Volkebond was die “eerste stelselmatige en deeglike poging om 'n organisasie te skep wat ontwerp is om oorlog te voorkom en vrede te bevorder” (*ibid.*, bl. 764). Wêreldleiers se pogings om die Volkebond te skep en te onderhou, het “voortgespruit uit die strewe van mense regoor die wêreld om oorlog vir altyd te

voorkom” (*The World Book Encyclopedia*, 50ste uitgawe, vol. 12, bl. 140). Die Verenigde State het egter uiteindelik geweier om by die organisasie aan te sluit, ander nasies het geweier om met hierdie wêreldeksperiment saam te werk en die Volkebond het sy onvermoë bewys om vrede in die wêreld te bewaar en nuwe oorloë te voorkom.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die nasies van die wêreld nog 'n poging aangewend om oorlog te voorkom en vrede op aarde te bevorder. In 1945 het die wêreld se magtigste lande die Verenigde Nasies gevorm met 'n agenda baie dieselfde as dié van die mislukte Volkebond. Soos 'n voormalige Amerikaanse weermaggeneraal, President Dwight Eisenhower, per geleentheid opgemerk het: “Met al sy foute, al die misluktings ... verteenwoordig die VN steeds die mens se georganiseerde hoop om die slagveld vir die konferensietafel te verruil” (*ibid.*). In die 60 jaar sedert sy stigting, het die VN egter versuim om die weg na vrede te vind of om die oorsake van oorlog uit die weg te ruim. Eindelose pogings tot onderhandelings en dosyne pogings om “VN-vredesbewaarders” na konflikgebiede te stuur, kon ook *nie* die probleem van oorlog oplos nie.

In die 20ste eeu het die twee wêreldoorloë in Europa begin en het eers slegs Europese magte betrek. Met daardie geskiedenis in gedagte, het leiers met visie in Europa gewerk om die nasies

van Europa saam te bind deur verdrae, handelsooreenkomste en trans-nasionale regeringstrukture die lewe te laat sien wat die Europese Unie uitmaak – insluitend die Europese Kommissie, 'n Europese Parlement, 'n Europese Hof, 'n Europese Bank en 'n ontlukende Europese Weermag. Die doel is om die nasies van Europa stewig saam te bind in 'n Europese Unie ten einde nog 'n oorlog in Europa te voorkom. Die EU was egter magteloos om die onlangse volksmoord in die Balkan te voorkom. Die EU was ook nie in staat om te voorkom dat internasionale terrorisme die nasies van Europa tref nie. Ten spyte van 'n eeu van menslike pogings om maniere te vind om wêreldvrede te bevorder, sien ons tans 'n verrysing van 'n “botsing van beskawings” namate gewelddadige Moslemekstremiste posisie inneem teen die sogenaamde “Christelike nasies” van die Westerse wêreld. Terwyl baie van die wêreld se mense vrede wil hê, sê Ferguson “broei daar vandag steeds nog 'n wêreldkonflik” en die kruitvat wat daardie konflik kan laat ontplof, blyk in die Midde-Ooste te wees (*Foreign Affairs*, September-Oktober 2006, bl. 74).

### 'n Noodsaaklike verlore dimensie

Waarom het die pogings van party van die wêreld se beste verstande – wat ywerig werk om geweld en konflik te voorkom en vrede te bewerkstellig – *misluk*

om hierdie eerbare doeleindes te behaal? Is daar 'n kritieke dimensie wat politieke- en godsdiensteleiers van dié wêreld nie kan begryp nie? Hoewel dit vir sekulêr-georiënteerde denke ongelooflik mag blyk, *onthul die Bybel waarom* die mensdom vergeefs worstel om die weg na vrede te vind. Die profeet Jesaja het hierdie ontnugterende waarskuwing lank gelede gerig aan dié wat die raad van die Ewige God verontagsaam: **“Die weg van vrede ken hulle nie,** en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, *ken die vrede nie*” (Jesaja 59:8). Die ware God van hierdie heelal het meer as 2 500 jaar gelede verduidelik hoe die pogings tot vrede en die voorkoming van konflik deur blote mensehande – diplomatie, verdrae, optogte,

gewapende tussentrede, kern-afskrikmiddels en internasionale organisasies wat samewerking probeer bevorder – nie in die langtermyn sal werk indien hulle 'n fundamentele dimensie wat God in die Skrif openbaar het, ignoreer nie.

Ons vind dat hierdie noodsaaklike sleutel tot ware vrede beskryf word in die geskrifte van Israel se koning Dawid, van wie God gesê het dat hy “'n man na my hart” is (Handelinge 13:22). Dawid verklaar duidelik in die Skrif: *“Die wat u wet liefhet, het groot vrede,* en vir hulle is daar geen struikelblok nie” (Psalm 119:165). Eeue later het die profeet Jesaja hierdie selfde noodsaaklike sleutel beklemtoon: “En die werking van die geregtigheid sal vrede wees, en die voortbrenghel van die

geregtigheid rus en veiligheid tot in ewigheid” (Jesaja 32:17). Die Bybel verduidelik hoe gehoorsaamheid aan die Wette en geboorte van God deel uitmaak van regverdigheid (Psalm 119:172). Hierdie noodsaaklike dimensie – die nodigheid om God se instruksies oor hoe om vrede te bereik, te gehoorsaam – is nie deel van die denkwysse van hedendaagse politieke- en godsdiensteleiers van hierdie wêreld nie.

God het die volk Israel herhaaldelik gewaarsku dat dit erge gevolge sal verduur omdat “jy die HERE jou God verlaat het, en dat my vrees nie by jou is nie” (Jeremia 2:19). Die profete het streng waarskuwings gerig aan misleide godsdiensteleiers wat nagelaat het om die ware weg na vrede te verduidelik. Hulle merk op dat “van die profeet tot die

## **Veertien Tekens wat Christus se Wederkoms aankondig**

*Weet u watter gebeure die grootste gebeurtenis van alle tye – Christus se terugkeer na hierdie aarde – sal aankondig? Leer waarvoor om op die uitkyk te wees in die huidige chaotiese wêreldsituasie, sodat u nie verward of onvoorbereid sal wees nie*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

priester pleeg hulle almal bedrog. En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste [oppervlakkige] manier deur te sê: Vrede, vrede! – terwyl daar geen vrede is nie” (Jeremia 6:13-14; 8:11). Vandag steek pouse en predikers kerse op en lei gebede vir vrede en vir oorwinning op die slagveld sonder om te verduidelik wat die Bybel onthul oor die weg na vrede – dat die ware weg om oorlog te voorkom en vrede te bevorder die aanleer van gehoorsaamheid aan die Wette van God verg. Jesaja het ook geprofeteer van 'n tyd wanneer “die helde skreeu daarbuite” oor die mislukking van hul pogings om oorlog te voorkom en vrede te bevorder (Jesaja 33:7). Jesaja se woorde kan skaars die tragedies van die 20ste eeu

beter beskryf – wanneer ongekende pogings soos die menslik-bedinkte Statebond en die Verenigde Volke *misluk het om* die bloedigste dekades in menseheugenis *te voorkom!*

#### **Hoe vrede sal kom**

Is ons egter gedoem om aan eindelose konflik en bloedvergieting tussen die nasies en volke van hierdie wêreld te ly? Is daar enige werklike hoop vir ware vrede op aarde? Die Bybel onthul weereens die opwindende antwoorde wat baie godsdiensteleiers nie verduidelik nie – en waarskynlik nie verstaan of selfs glo nie. Die Bybel sê duidelik dat Jesus Christus sal terugkeer na hierdie aarde (Mattheus 24:30-31; Johannes 14:3; Handeling 1:6-11; Openbaring 3:11). Hy sal

staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê (Sagaria 14:1-4). Hy sal terugkeer op 'n tyd wanneer die nasies van hierdie wêreld gewikkel is in 'n wêreldstryd wat die einde van die mensdom sal beteken mits dit nie betyds stopgesit word nie (Mattheus 24:6-8, 21-22). Met Sy Wederkoms sal Jesus Christus beheer neem van die koninkryke van hierdie aarde en 'n wêreldregering daarstel wat in Jerusalem begin en uiteindelik die hele aarde sal beslaan (Openbaring 11:15-19; Jesaja 2:2-4). Hierdie is 'n grondliggende deel van die evangelie wat Jesus tydens Sy lewe op aarde verkondig het. Om meer inligting oor hierdie belangrike onderwerp te bekom, tree gerus in verbinding met ons streekkantoor wat op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn, en

## **Is Hierdie die ENIGSTE Dag van REDDING?**

*Wat sal gebeur met die BILJOENE mense wat nog nooit die ware God leer ken het nie, nog nooit ENIGE vorm van Christelikheid aangeneem het nie?*

*Is hulle vir ewig gedoem tot 'n brandende hel, of tot 'n ewigheid in uiterste duisternis?*

Skryf in of skakel ons vir u eie kopie van hierdie noodsaaklike boekie om die antwoord op hierdie vraag te kry!

vra ons gratis boekie, “*Glo u die ware Evangelie?*” aan.

Die Bybel voorspel lank reeds dat die heiliges saam met Jesus Christus in hierdie “koninkryk van God”, op hierdie aarde sal regeer (Daniël 7:27; Mattheus 19:28; Openbaring 5:10). Die heiliges – individue wat geroep en onderrig is om die Wette van God in hierdie fisiese lewe toe te pas – sal begin om die Wette van God aan alle mense te verduidelik en die wêreld die weg na ware vrede aan te wys. Dit is wat die profeet Jesaja beskryf het toe hy geskryf het: “Want uit Sion [Jerusalem] sal die wet uitgaan... En Hy sal oordeel tussen die nasies ... en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Jesaja 2:3-4). Die Bybel verwys duidelik na

'n tyd wanneer daar nie meer militêre akademies, gewapende magte, weermagsindustrië of wapenhandelaars sal wees nie – dit sal met die Wederkoms van die Verlosser iets van die verlede word.

Jesus Christus sal as “die Vredevoers” die regering van God op hierdie aarde vestigen. Hysal 'n tyd van vrede inlei wat vir ewig sal duur. Jesaja gee hierdie inspirerende profesie: “Vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid” (Jesaja 9:6). Die Bybel onthul dat die weg na ware vrede behels dat mense geleer word hoe om volgens die onveranderlike Wette van God te leef. Mense sal leer dat dit verkeerd is om te moor, te steel, te lieg, wellustig te

wees of te verkrag – selfs onder die vaandel van godsdiens (Eksodus 20:12-17). Hulle sal leer dat dit verkeerd is om selfs net gedagtes van haat en dweepsug te koester, en hulle sal leer hoe om in tye van konflik tot vergelyk te kom, eerder as om oorlog te voer (Mattheus 5:21-26; 18:15-20). Hulle sal leer dat weerwraak nie 'n effektiewe manier is om vrede te vind nie (Mattheus 5:38-48). In God se komende koninkryk en regering sal die Wette van God nie as eenvoudige alledaagshede afgemaak word nie; hulle sal liefderyk dog streng deur die mag van God ondersteun word (Psalm 2:7-9; Openbaring 2:27). Die Bybel onthul dat dit is hoe swaarde uiteindelik ploegskare sal word, en hierdie aarde eindelijk ware vrede sal vind. **W&M**

## **Die Heilige Dae — God se Meesterplan**

*Is Kersfees en Paasfees die heiligste dae van die Christelike kalender?  
Nee! Beslis nie op die ware Christelike kalender nie! Inteendeel,  
Christus en Sy Apostels het die Bybelse Heilige Dae onderhou wat  
vandag feitlik heeltemal geïgnoreer word deur die hoofstroom  
Christendom.*

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

# Vrae & Antwoorde

**Vraag:** Leer die Bybel dat Christene nie alkoholiese drank mag drink nie?

**Antwoord:** Het Jesus, met Sy heel eerste openbare wonderwerk in Kana toe “Sy heerlijkheid geopenbaar” is, bloot druiwesap gemaak (Johannes 2:11)? Indien die bruilof in Kana volgens Joodse tradisie gehou is, sou die gaste beslis by die bruilofsfees wyn gedrink het wat gegis het. Toe die gaste se wyn tydens hul feestelikheid gedaan raak, help Jesus hulle deur water te verander in “wyn,” volgens die Bybel. Indien Jesus vir die gaste druiwesap gemaak het, sou hulle nooit vir die bruidegom sê daar staan in die Skrif: “Elke mens sit eers die goeie wyn op en, wanneer hulle goed gedrink het, dan die slegste; maar u het die goeie wyn tot nou toe bewaar” (Johannes 2:10).

In die vers hierbo gebruik Johannes die Griekse woord *oinos* vir “wyn.” Dit is belangrik om te onthou dat *oinos* **altyd** verwys na drank wat gegis of gefermenteer is. Die Bybel gebruik 13 Hebreeuse en Griekse woorde vir “wyn” en ons kan hul betekenis bepaal deur te let op die konteks waarin die woorde gebruik word. Die woord “wyn” word die eerste keer in die Ou Testament aangetref waar Noag “van die wyn gedrink ... [en] dronk geword [het]” (Genesis 9:21). Die Hebreeuse woord hier is *yayin*. Daardie wyn het Noag dronk gemaak. *Yayin* beteken **altyd** “gefermenteerde wyn”. God het Self vir Abraham “wyn” gegee – en Abraham is die vader van die getroues. “En Melgisédek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn [*yayin*] gebring” (Genesis 14:18). Melgisédek, die God van die Ou Testament, is die Een wat Jesus Christus geword het. Indien u nie vertrou is met Melgisédek se identiteit nie, skryf gerus aan ons streekkantoor vir die gratis artikel *Wie was die God van die Ou Testament?*

Die uitdrukking “vrug van die wynstok” word slegs drie keer in die Bybel gebruik, naamlik in Matteus 26:29, Markus 14:25 en in Lukas 22:18. Dit verwys in elke geval na die Pasgadiens wat

Jesus ingestel het op die vooraand van Sy dood. In die noordelike half-rond is Pasga gedurende die lente gevier, lank voor die jaarlikse druiwe-oes. Enige “vrug van die wynstok” wat daardie aand genuttig is, moes dus gegis of gefermenteer wees, aangesien druiwesap lankal reeds sou bederf het in die houers wat in Jesus se tyd vir berging gebruik is. Party mense het die verkeerde idee dat hulle “melasse” genuttig het – dit was 'n ander manier om druiwe te preserveer sonder om wyn te maak. As ons in ag neem dat Jesus en Sy dissipels hier 'n maaltyd nuttig, maak dit geen sin dat hulle melasse daarmee saam sou drink nie.

Dieselfde Griekse woord *oinos* in Johannes 2:3-10 word ook in Efesiërs 5:18 gebruik: “Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid”. Druiwesap veroorsaak nie “losbandigheid” nie. Let ook op hoe die Apostels beskryf word op Pinksterdag: “Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn [*oinos*]” (Handelinge 2:13). Voorts, “Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets *te doen* waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie” (Romeine 14:21). Paulus skryf vir Timotheus: “'n Opsier dan moet ... geen drinker [van *oinos*], geen vegter, geen vuilgewinsoeker [wees] nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige [wees] nie” (1 Timotheus 3:2-3). As ons “wyn” in hierdie konteks deur die woord “druiwesap” vervang, sou die verse nie sin maak nie. Toe Paulus aan Timotheus die genesende waarde van wyn verduidelik, skryf Paulus: “Moenie langer water alleen drink nie, maar gebruik 'n bietjie wyn ter wille van jou maag en jou herhaalde ongesteldhede” (1 Timotheus 5:23). Weereens word die Griekse woord *oinos* gebruik – gegiste of gefermenteerde wyn, nie druiwesap nie. U sien dus dat die Bybel dronkenskap verdoem, maar onderrig dat dit aanvaarbaar is om alkohol matig te gebruik. **WvM**

# Profesie neem

## Die Dier begin om op te staan!

Profesieë in die Bybel het lank reeds voorspel dat net voor die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde, die wêreld die herlewing van 'n Europese moondheid met wortels wat teruggaan tot die antieke Romeinse Ryk, sal sien (Daniël 2:28, 40-45). Die Skrif noem hierdie herleefde moondheid 'n "dier" wat gestempel sal word met 'n Romeinse etiket en sal bestaan uit tien konings [of nasionale leiers] wat hulle onafhanklikheid sal oorgee aan 'n sterk en geslepe individu (Daniël 11:3-39; Openbaring 17:12-13). Die Bybel dui ook aan dat hierdie eindtydse herlewing van die Romeinse Ryk die mag van 'n dominante kerk sal kombineer met die politieke masjien van die staat – die "vrou" (simbool van 'n godsdienstige leier) wat die dier (simbool van die staat) sal ry (sien Daniël 7:8, 20-21; Openbaring 17:1-6). Hierdie lank-bepeinsde profesieë word nou vervul!

### Die verlede herleef

Duitsland se federale Kommissaris vir Kultuur en die Media, Bernd Neumann, het verlede Augustus by die opening van 'n Berlynse uitstalling oor "Die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie" die rede gevoer. Die uitstalling by die staatsbeheerde Historiese Museum in Berlyn, wat nogal heelwat aandag van die publiek getrek het, het die verlede van Ou Europa in oënskou geneem om strukture en ontwikkelingsprosesse te vind wat van groot betekenis is vir die

federale konstruksie van Europa. Die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse nasie het vir bykans 'n duisend jaar oor die nasies in sentraal Europa geheers – vanaf 962 tot 1806 n.C. In sy opmerkings aan die besoekers by die museum, het Neumann die wesenlike rol beklemtoon wat 'n herleefde Heilige Romeinse Ryk kan speel as 'n model vir die toekoms van Europa. Volgens Neumann kan die Duitse Ryk van die Middeleeue, gesien vanuit vandag se perspektief, dien "as 'n geldige model vir die werkende orde van 'n supermoondheid" (persvystelling, Duitse Federale Inligtingskantoor, Augustus 27, 2006).

Neumann is nie die eerste persoon wat aandring op die herlewing van hierdie Imperiale idee nie. Otto von Hapsburg, 'n nasaat van die laaste keiser wat op die Oostenryks-Hongaarse troon gesit het, het ook daarop gewys dat daar nog steeds 'n rol vir die Imperiale kroon van die Heilige Romeinse Ryk kan wees om 'n betekenisvolle unie tussen die verskillende lande van Europa te smee. Ewe-eens het die Pan-Europese Unie dit ook beklemtoon dat "die ewige funksie van die Reich in die Europa van môre hernu behoort te word tot voordeel van die Weste" (*Monthly Bulletin of the Pan-Europa Union*, January 1977).

### 'n Beroep op godsdiens

Gedurende die dae van die Heilige Romeinse Ryk was die mag verdeel tussen die Duitse

keisers en die pouse in Rome. Die pouse het beheer uitgeoef op geestelike gebied terwyl die keisers hulle mag in die politieke gebied laat geld het. Rooms Katolieke pouse het die keisers gekroon en dit het geestelike geldigheid aan die amp van die monarg verleen. Dit lyk of dit in die verskiet ook vir die toekoms van Europa voorlê. Die Duitse Kanselier, Andrea Merkel, het onlangs aan Pous Benedictus XVI, vroeër Kardinaal Joseph Ratzinger van Duitsland, 'n uitnodiging gerig om in 2007 in Berlyn die rede te voer tydens die geleentheid van die 50ste herdenking van die Verdrag van Rome, wat die Europese Ekonomiese Gemeenskap tot stand gebring het – die voorloper van vandag se Europese Unie. Berigte suggereer dat die pous beplan om oor die "geestelike grondslag" van Europa te praat – wat in Benedictus se raamwerk dui op die rol wat die Rooms Katolieke Kerk gespeel het – en weer kan speel – om die "Christelike" nasies van Europa gedurende die Middeleeue te verenig. Verskeie pouse voor Benedictus het ook beklemtoon dat dit noodsaaklik vir Europa is om sy geestelike oorsprong te ontdek. Ander leidende geestelike en politieke figure het ook te kenne gegee dat dit "iets meer" as ekonomiese verdrae en handelsverordeninge sal verg om die nasies van Europa saam te snoer.

### Toekomstige aangeleenthede

Die verkiesing van Joseph Ratzinger, die eerste Duitse pous in 'n duisend jaar, plaas die



# gestalte aan

pousdom in 'n buitengewone posisie. Ratzinger, wat tussen die twee wêreldoorloë in Duitsland gebore is, is diep geraak deur sy ondervindings in die Hitler- Jeug en as dienspligtige in die Duitse leër gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Hy het as 'n Vatikaan-amptenaar twee dekades lank gedien as hoof van die Vergadering vir die Leerstelling van die Geloof (voorheen bekend as die "Inkwisisie"), waar hy die bynaam "God se Rottweiler" verwerf het, weens sy koppige volharding om konserwatiewe Katolieke standpunte te handhaaf.

Benedictus se besoek aan Berlyn in 2007 sal saamval met die tyd wanneer Duitsland die se smaadlikse rote rende presidentskap van die EU beklee, en ook met dié nasie se jaarlange voorsitterskap oor die G-8-organisasie van die vernaamste industriële lande. Benedictus se teenwoordigheid by die vyftigste herdenking van die Verdrag van Rome sal ongetwyfeld wettigheid verleen aan die idee van samewerking tussen Kerk en staat in die toekomstige evolusie van 'n verenigde Europa, selfs wanneer sommige Europeërs – veral die Franse, wat openlik verbind is tot sekularisme en skeiding tussen godsdiens en politiek – nie so 'n verwickeling sal verwelkom nie.

Neumann se opmerkings oor 'n Duitse Ryk is 'n weerklank van stellings deur ander Duitse leiers en hou ernstige implikasies in vir nasies in Oos Europa. Neumann

het sy gehoor daaraan herinner dat die Heilige Romeinse Ryk van die Duitse Nasie "deel was van die verlede van baie Europese state", insluitende Pole en die Tsjeggiese Republiek, en dat "Duitsland en Sentraal Europa histories en kultureel onafskeidbaar aan mekaar verbind is" (persvystelling, Duitse Federale Inligtingskantoor, Augustus 27, 2006). Sodanige bewerings deur Duitse leierskap oor ander dele van Europa, genereer angs onder die nuwe onafhanklike state aan die suide en ooste van Duitsland. Duitse studente-organisasies bevorder ook voortdurend Duitse gebiedsaansprake oor dele van Oostenryk, Pole, Denemarke, België, Switserland, Italië en Rusland, waar Duitssprekendes woon. Trouens, een groep het gesê, "Die grense van die Duitse Ryk soos dit bestaan het op 31 Desember 1937, word nog steeds deur die Duitse wet erken" en verder, "Deur Duitsland verstaan ons die Duits-bewoonde gebiede in Sentraal Europa waaruit Duitsers onwettig uitgeskop is... Duitsland bestaan onafhanklik van landsgrense." (2005 *Handbook, Deutsche Burschenschaft*). Dit is nie sommer net nasionalisme nie; hierdie selfde idees was deur Duitsland se Nazi-party verkondig toe hy sy begeerte om grondgebiede van ander lande te annekseer, wou rasionaliseer en in dié proses die vure van die Tweede Wêreldoorlog aangesteek het. Bybelprofesieë wys dat hierdie finale

herlewing van die Heilige Romeinse Ryk in Europa, wêreldwyd gevolge gaan hê (vir meer inligting oor hierdie wesenlike onderwerp, vra vir 'n gratis kopie van ons leersame boekie, *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* of vra dit aanlyn aan by ons webwerf [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)).

Terwyl baie wêreldlike kritici spot met die idee dat die Bybel die geïnspireerde woord van 'n Almagtige God is wat in die geskiedenis ingryp, sien ons in vandag se nuusopskrifte die vervulling van spesifieke profesieë wat duisende jare gelede in u Bybel opgeteken is. Die profeet Daniël het voorspel dat die finale fase van die herlewing van die Romeinse Ryk plaas sal vind net voor die Wederkoms van Jesus Christus na hierdie aarde (Daniël 2:41-45). Hy voorsien ook 'n prominente geestelike leier wat deur die eeue heen 'n oorheersende rol in die opeenvolgende herlewings van die Romeinse sisteem sou speel (Daniël 7:8-25). Die apostel Johannes het 'n vrou [’n kerk] gesien wat ry op 'n eindtydse dier, saamgestel uit tien leiers wat aan die einde van hierdie tydvak vir 'n kort tydjie saam sal werk (Openbaring 17). Hierdie profesieë is tans besig om vervul te word en sal die wêreld verras in die dae wat voorlê – want die dier begin om op te staan! Om meer te leer oor die identiteit van Duitsland in profesie, vra asseblief ons gratis herdrukke artikel, *'n Vierde Reich?* aan.

— Douglas S Winnail

**Vervolg vanaf bladsy 17 – Werk: 'n Seëning of 'n vloek**

u dat u geen werklike geleentheid het nie? God gebruik die kleinste geleentheid om ware Christene lesse te leer wat hulle in die toekoms op groot skaal kan toepas. Christus verduidelik dit in die gelykenis van die talente: “Want *dit* [die Koninkryk] is soos 'n man wat op reis wou gaan en sy diensknegte roep en aan hulle sy besittings toevertrou ... En ná 'n lang tyd het die heer van daardie diensknegte gekom en met hulle afgereken. En die een wat die vyf talente ontvang het, kom en bring vyf ander talente en sê: Meneer, vyf talente het u aan my toevertrou; hier het ek vyf ander

talente daarby verdien. En sy heer sê vir hom: *Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel.* Gaan in in die vreugde van jou heer” (Mattheus 25:14, 19-21).

God lei vandag Christene op om saam met Hom te regeer – Hom by te staan om 'n wêreldsamelewing te bestuur. Die voorvereiste om saam met Christus te werk in Sy Koninkryk, is nie dat ons in hierdie lewe rykdom en status bereik nie; ons moet *liewer karakter en gehoorsaamheid aan God aanleer, liefde vir ons medemens* en om *algehele*

*geloof in Sy Seun* te hê, welke geleentheid God ons nou ook al gee.

Maak dus die beste van elke geleentheid wat u het – met ywer, passie, vreugde en liefde. Moenie 'n geleentheid laat verbygaan om u werk te benut om u voor te berei vir daardie werk vir God in Sy Koninkryk nie (Mattheus 25:24-28)!

Is u werk 'n vloek? Dit hoef nie te wees nie! Met God se hulp kan ons almal nou die vreugde van werk – *op God se wyse* – ervaar, en gereed maak vir diepsinnige, vervullende en betekenisvolle werk in God se Koninkryk. **WvM**

# Wêreld van Môre

## Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
Privaatsak X 3016  
Harrismith, FS  
9880**

**of skakel : 058 622 1424  
en vermeld dat u navraag doen  
na die “Wêreld van Môre” Bybelstudiekursus**

**Hierdie kursus, soos ook al ons ander publikasies, word gratis en sonder enige verpligting aan u gestuur.**

**Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat is ware Christene se DOELWIT?**

die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het. En Ek sal hom die môrester gee” (Openbaring 2:26-28).

Christene moet vandag waarlik **“alles in hul vermoë doen”** om aan God te toon dat hulle waaragtig altyd Sy koninkryk **eerste** sal stel. Dit moet die **primêre** doelwit van 'n Christen se hele lewe wees! Onthou Jesus se opdrag: “Maar soek **eers** die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheus 6:33). God se Koninkryk is inderdaad **baie werklik**. Dit kom **binnekort**. Ons behoort dit al hoe meer te

beseef en ons denke daarop toe te spits om ons voor te berei om in daardie Koninkryk te wees, waar vandag se Christene die voorreg sal smaak om 'n lydende en oorloggeteisterde wêreld die **weg** na vrede en vreugde te *leer*, die weg wat God regdeur die Bybel beskryf het.

Dit is nodig dat elkeen van ons onself **heeltemal** moet **oorgee** om Christus Sy gehoorsame lewe in ons te laat leef, sodat Hy met ons – as geestelike Israel – die “nuwe verbond” kan sluit wat so duidelik in Sy woord beskryf word: “Maar dit is die **verbond** wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee **my wet** in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God

wees, en hulle sal vir My 'n volk wees” (Jeremia 31:33).

Mag God elkeen van ons die *insig* gee van Sy plan en van die wonderlike **doel** wat Hy nou uitwerk. Mag Hy ons ook die **ywer** gee om voor te berei vir 'n tyd wanneer ons 'n lydende mensdom sal kan help, dien en *leer* wat die *weë* en **Wette** van die grote God is, die God wat aan ons lewe en asem gee. Dit behoort waarlik die allesoorheersende **doelwit** van elke Christen se lewe te wees om 'n geestelike gebore kind van God te word en deel te hê in die baie “werklike” Koninkryk of **Regering van God** wat Jesus Christus binnekort *op hierdie aarde* gaan vestig! **WVW**

**Vervolg vanaf bladsy 12 – Lesse uit die geskiedenis**

staatmaak! Dit is die goeie nuus wat ons met u wil deel in hierdie tydskrif! Selfs as u nasie nie op God se Woord ag slaan nie, sal u individueel geseën word indien u God se waarheid wat aan u onthul is, glo en daarop reageer! Daardie waarheid onthul ook die toekoms van “hedendaagse Israel” – die nasies wat afstammeling is van die “verlore” tien stamme – insluitend die VSA, Groot Brittanje en die Britse afstammeling, en baie van die volke van Noordwes Europa. Indien u nog nie 'n eksemplaar het nie, skryf of skakel om 'n gratis eksemplaar te bekom van ons insiggewende boekie, *Wat lê voor vir Amerika*

*en Brittanje, asook Suid-Afrika*. Dit onthul die Bybelse oorsprong van ons Westerse nasies. Bybelprofesieë onthul wat geskiedkundiges, wêreldleiers en politieke ontleders nie van kennis dra nie! Maar u, as getroue student van u Bybel, kan verstaan.

Soos gereelde lesers van die Wêreld van Môre weet, is baie Bybelprofesieë tweeledig – daar is 'n eindtydse vervulling wat ooreenstem met 'n antieke vervulling. Profesieë toon inderdaad dat die eindtydse afstammeling van Assirië weereens die eindtydse afstammeling van die verlore tien stamme van Israel sal straf.

Sal u gereed wees wanneer dit gebeur? Weet u wat die tekens is om voor uit te kyk? Hou aan om die Wêreld van Môre te lees, bestudeer u Bybel en u sal leer hoe om wêreldgebeure in die lig van profesieë te verstaan.

Of die Westerse nasies uit die lesse van die geskiedenis leer al dan nie, ons kan ons individueel bekeer – en ons moet! Die dag van God se oordeel teen die mensdom se mislukte *weë* kom vinnig nader. Daardie nasies en individue wat hulle tot God bekeer, sal geseënd wees. Wat moet u doen? Moenie wag vir u nasie om te verander nie. Dit is nou die tyd om van ganser harte na God te soek. **WVW**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

te betaal wanneer 'n dogter tot trou kom. Regdeur die Moslemwêreld word vroue ook sistematies onderdruk, verneder en dikwels behandel asof hulle nie menswaardig is nie. 'n Nuwe verdraaiing van hierdie vreesaanjaende probleem het onlangs na vore gekom in 'n verslag oor hoe militante Moslemterroriste spesifiek onderwyseresse in Irak teiken. 'n Onlangse koerantberig beskryf wat met 'n jong Irakse onderwyseres gebeur het: “Die owerheid sê dat die jong vrou, wie se naam vir veiligheidsredes op versoek van haar familie weerhou word, op 20 September per taxi van die skool af huis toe geneem is. Die polisie het haar verminkte liggaam die volgende dag in 'n plastiese vullisblik naby die skool ontdek ... Een dag nadat die liggaam van die laerskoolonderwyseres gevind is, is twee ander jong onderwyseresse in die westelike deel van die stad vermoor gevind” (*Charlotte Observer*, 20 Oktober 2006).

Daar word ook baie verfoeilike gruweldade teen vroue in Darfoer, die Kongo en ander dele van Afrika gepleeg. Daar word wyd berig dat letterlik *tienduizende* vroue en jong meisies op 'n gereelde grondslag sistematies verkrag, gemartel en vermink word.

Die ou Protestantse liedjie, “*Dit is my Vader se wêreld,*” weerklink skynbaar nie meer nie, **of hoe?**

Die rede daarvoor is dat, vandat Adam en Eva hul rûe op God en Sy Wette gekeer het, hierdie beslis *Satan se wêreld* is. Die apostel Johannes beskryf “die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en *wat die hele wêreld verlei*” (Openbaring 12:9). Die apostel Paulus beskryf Satan as die “owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efesiërs 2:2).

**Alle vroue** – asook mans – is gemaak “na die beeld van God” (Genesis 1:27). Almal van ons –

mans en vroue – moet besef dat ons slegs tot ons volle menslike potensiaal kom deur *ware* Christelikheid te beoefen. Die Seun van God het *Sy lewe gegee* vir vroue – asook vir mans. Een van Jesus Christus se laaste dade voor Sy kruisiging was ook om Sy moeder te eer en toe te sien dat sy versorg is. Terwyl Hy sterwend – in folterende pyn – aan die kruis gehang het, sê Jesus vir Johannes, Sy beste persoonlike vriend onder die dissipels: “Dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar [Maria] in sy huis geneem” (Johannes 19:27).

Die liefde, goehartigheid en geduldige teerheid wat ons gewoonlik met ons moeders, susters, vrouens en dogters vereenselwig, maak ordentlike mans *diep beskaamd* oor die vreesaanjaende brutaliteit en mishandeling waaraan toenemend miljoene vroue nou onderwerp word. Hierdie mishandeling sal egter, *ten spyte* van al die eerlike pogings van mense, net **erger** word tot die dag dat God Self ingryp en die *ware* Jesus Christus na die aarde terugstuur as Koning van konings. God beskryf die *seëninge* van Sy mense gedurende daardie tyd: “Daarom sal hulle in hul land 'n dubbele deel in besit neem, ewige **vreugde** geniet” (Jesaja 61:7). En, “hulle sal veilig woon sonder dat iemand hulle verskrik” (Esegiël 34:28).

Die toenemende mishandeling en vernedering van vroue in *alle dele* van die wêreld is 'n belangrike rede waarom ons God se belofte van 'n eerskomende *wêreldregering* onder Jesus Christus en die Sy herrese heiliges ernstig moet opneem. Dit is nog 'n rede waarom ons vurig moet bid, “*Laat u Koninkryk kom!*”



**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige  
verandering in u posadres.**